David Beresford Pratt: die mens agter die sluipmoordpoging

Loammi Wolf

Loammi Wolf: Democracy for Peace, Duitsland

Opsomming

Hierdie artikel ontleed die motiewe van David Pratt om op 9 April 1960, tydens die Unie Skou, die destydse eerste minister, dr. Hendrik Verwoerd, te skiet. Daar is drie moontlike motiewe ter sprake. Een storie wat destyds in omloop was, is dat Verwoerd ’n verhouding met Pratt se Nederlandse vrou gehad het en dat die skietvoorval deur wraak motiveer kon wees. Die prokureur-generaal, adv. W.R. Rein, het moeite gedoen om hierdie bewerings nie in die hof te laat opduik nie. Hoewel die tese vergesog klink, kan dit moontlik ’n leidraad in ’n ander rigting bied wat meer lig werp op die krisis in Pratt se huwelik, wat sy verlosser-sindroom versterk het. ’n Tweede tese is jare later opgestel deur die vennoot van Pratt se neuroloog. Dr. Allan Bird het in sy memoires beweer dat sy kollega, dr. Solly Jacobson, wat ’n lid van die verbode Kommunistiese Party was en ná die Rivonia-klopjag landuit gevlug het, kop in een mus was met Pratt. Volgens hom het hulle die sluipmoord saam beplan. Jacobson sou dan getuig dat Pratt weens epilepsie ontoerekeningsvatbaar is sodat hy nie strafregtelik tereg moes staan nie. Die derde scenario, wat ook deur die hof aanvaar is op grond van die psigiatriese verslae van verskeie neuroloë wat destyds aan die hof voorgelê is, is dat Pratt op die ingewing van die oomblik gehandel het. Hy was manies-depressief en het aan ’n psigotiese verlosser-sindroom gely. Die tipiese metodiek wat regsgeleerdes benut om gevallestudies te beoordeel, word aangewend om vas te stel watter bewering die mees waarskynlike is. Die doel van die artikel is om ’n histories meer gebalanseerde beeld van David Pratt as mens te skep. Die studie het dus beoog om meer uit te vind oor Pratt se persoonlike omstandighede. Getuienis uit verskeie regsgedinge waarin Pratt betrokke was, is as uitgangspunt geneem om sy privaatlewe beter te belig. Die leemtes is aangevul deur destydse koerantberigte en ander optekeninge van tydgenote wat hom geken het.

Trefwoorde: David Beresford Pratt; Mary Hatrick/Pratt/Cumming; Sarah Leonarda (“Patty”) van Heijningen/Pratt; Susan Pratt; L.A. Hurst; Austin McEwan Lamont; Solly Jacobson; Allan Bird; Issie Maisels Q.C.; Hendrik Frensch Verwoerd

Abstract

David Beresford Pratt: the person behind the assassination attempt

This article investigates the motives of David Pratt’s assassination attempt on the then prime minister, Dr Hendrik Verwoerd, during the opening of the Union Show on 9 April, 1960. The assassination of Verwoerd by Demitrio Tsafendas has been covered well, but the

circumstances which prompted Pratt to shoot Verwoerd have not yet been extensively explored.

Over the years three scenarios have been mooted in an attempt to explain Pratt's action. The first is that Pratt attacked Verwoerd out of revenge. Shortly after the attempted assassination a rumour spread that Pratt's Dutch wife might have had a relationship with the prime minister, who was also of Dutch descent. The attorney-general, Adv. Rein, took pains to prevent this fairy tale from surfacing in court. Unlikely as this lead might be to explain Pratt's motive for shooting Verwoerd, his wife may indeed have had an affair with another man, which could have contributed to Pratt's desperate state of mind. According to the second scenario, Pratt was suffering from epilepsy and serious depression. As the crisis in his personal life escalated, he found an escape mechanism to handle the crisis at a different level, in a political context. The third scenario postulates a conspiracy between Pratt and Dr Solly Jacobson, his psychiatrist, who was also a dedicated member of the underground Communist Party and a close friend of Joe Slovo. Jacobson's partner, Dr Allan Bird, contended that the two of them worked out a plan for Pratt to assassinate Verwoerd. Jacobson would then bail him out with medical evidence so that he could not be held criminally liable. Bird did not refer to the mysterious red note that was handed to the prime minister only weeks before the assassination attempt. The note contained a threat: "Today we kill Verwoerd."

To determine which of these scenarios is the most probable, legal methodology that is typically applied in case studies is invoked.

Apart from considering the scenarios about a possible motive why Pratt attacked Verwoerd, the article also attempts to create a more comprehensive portrait of Pratt's life. Evidence presented in diverse court cases in which Pratt was involved, serves as a point of departure to illuminate his personal circumstances. The memoirs of persons who knew Pratt personally have also been consulted. Newspaper articles shed further light on the attempted assassination, the escalation of the political conflict and the prevailing Zeitgeist.

The picture that evolves is that Pratt, hailed as a hero by the anti-apartheid movement, is a rather unlikely hero. Pratt grew up amidst incredible wealth, but already suffered from epilepsy at a very young age. There is evidence that he was a loner from early on. He was probably ostracised and stigmatised at school due to epileptic convulsions. He went to the best private schools and qualified as a chartered accountant at Cambridge University. He was the designated heir to run the vast business empire of his father.

Although he could be kind and charming he also had another side. He could be difficult, peevish and unpredictable, at times even violent. It seems that his marriage with the British journalist Mary Hatrick was not easy for her. A pattern evolved which indicates that stress factors in his life initially gave rise only to epileptic attacks. His condition deteriorated considerably after the divorce from Mary, who left him shortly after the death of their little boy in March 1945. After the divorce he fell into serious depression and was treated in South Africa as well as the United States. The stress of the maintenance case which Mary brought against him, because he failed to meet his obligations towards their daughter Susan, aggravated his condition.

His second marriage, to Patty van Heijningen, was not successful either. She was the daughter of a famous Dutch radiologist. In 1954, shortly after the birth of their first child, Pratt claimed to have received a message which he should convey to South Africa. He was very concerned about Afrikaner nationalism and the apartheid system that was being put into

place. He joined Alan Paton's newly founded Liberal Party. Apparently he wanted to form a coalition government with Klasie Havenga. Pratt was boarded and diagnosed with suffering from "grandiose delusions of the political saviour type". He also suffered from stress-related tinnitus, hearing organ music in his head which he interpreted as heavenly messages.

Pratt was almost constantly in psychiatric treatment. His wife feared for her safety because he threatened her. At the beginning of 1958 she decided to return to The Hague, taking their two children with her. Pratt followed her with a gun in his pocket, but was apprehended at the Amsterdam airport. It is possible that this incident was sparked off by the fact that Pratt found out that his wife had had an affair.

In August 1958 his psychiatrist, Dr Chesler, recommended that his sister, Peggy Ricketts, should apply for a curator bonis to be appointed to manage his affairs. Upon her refusal to do so, Dr Chesler requested that Pratt be treated by another specialist. Pratt's depression deteriorated and his condition became manic. Around this time he badly assaulted his cousin with whom he was in business. He was referred for treatment to the neurologist Dr Solly Jacobson.

Pratt desperately tried to win his wife back. He bought a posh property, "Old Sillery", in the Cape, hoping that the climate would be more appealing and suited to her and that she would consider returning to South Africa. When that did not work out, he planned a kidnapping of their daughter in Switzerland during a skiing holiday in the hope that he could force Patty to return to South Africa. As he became more desperate about his marital problems, Pratt tried to commit suicide on three different occasions. In between he spent extensive periods in the United Kingdom, where he received psycho-analytical treatment.

It appears that Pratt's paranoid condition was reinforced by the escalation of the political conflict after the Sharpeville massacre. The court accepted the medical reports submitted to it by five different psychiatrists, all of which confirmed that Pratt lacked legal capacity and could not be held criminally liable for having shot the prime minister.

Allan Bird published his memoirs many decades later. He based his suspicion that his colleague, Solly Jacobson, had conspired with Pratt to shoot Verwoerd on three incidents. None of them, however, can be linked causally to the assassination attempt. A conspiracy can be excluded due to the fact that Pratt refused to allow his lawyers to submit any reports on his medical condition to the court. He wanted to face the charges and go down in history as a hero. It was only after his daughter Susan intervened on his behalf and lodged an application to appoint a curator bonis as well as a curator ad litem to handle his matters that the court ordered the curator ad litem to present the criminal court with psychiatric reports on his condition.

There are a number of similarities between Pratt and Verwoerd. Both were the children of immigrants who moved to South Africa when they were two years of age. Verwoerd arrived in the conquered post-Anglo-Boer War South Africa, whereas Pratt arrived in the newly formed Union of South Africa a few years later. It is often observed that immigrant children overcompensate to be accepted in their guest country. Whereas nationalism comes naturally to people living in a country, it is a conscious choice for immigrants, and it was no different with Pratt and Verwoerd. Each of them associated with the community closest to them. Pratt was part of a background that cherished the British Empire and the Commonwealth, whereas Verwoerd aspired to become a real Afrikaner.

Another common denominator was psychology. Verwoerd did a doctoral thesis on psychology and became a professor of applied psychology, whereas Pratt was in need of psychological treatment all his life, trying to face his personal problems. Both thought they knew what would be best for South Africa, and this became the symbolic cataclysm of the attempted assassination. Pratt wanted South Africa to take her place among the nations of the British Commonwealth and, as he put it to Dr Hurst and in his speech in the dock, wanted to lay Verwoerd up so that Verwoerd could rethink the apartheid policy. Verwoerd wanted a republic and was later instrumental in South Africa's leaving the Commonwealth. He envisaged a kind of "internal decolonisation" for black people because he was convinced that segregation would lead to conflict and that apartheid was necessary to prevent that. The whole idea was doomed from the beginning, however, because black urbanisation and an integrated economy could not be stopped.

The assassination attempt by Pratt was neither a conspiracy nor a lone wolf type of planning of the assassination. According to him he had acted impulsively and on the spur of the moment. However, other statements made by Pratt contradict this claim.

His suicide in a mental institution on his 52nd birthday, shortly before parole was due to be considered, marks the end of a tragic life.

Keywords: David Beresford Pratt; Mary Hatrick/Pratt/Cumming; Sarah Leonarda ("Patty") van Heijningen/Pratt; Susan Pratt; L.A. Hurst; Austin McEwan Lamont; Solly Jacobson; Allan Bird; Issie Maisels Q.C.; Hendrik Frensch Verwoerd

1. 'n Paar inleidende gedagtes

Onlangs het ek op 'n vergeelde gedenkalbum van Hendrik Frensch Verwoerd afgekom wat uitgegee na die aanslag van Tsafendas op sy lewe (Grobbelaar 1966). Hoewel die gedenkalbum mens toegang bied tot die politieke milieu van 50 jaar gelede, is dit terselfdertyd net 'n gedeelte van 'n groter prentjie. Mens sou ook die foto's van Peter Magubane daarnaas moes uitstal om 'n beter geheelbeeld te kan vorm. Die tragedie van Sharpeville, die noodtoestand wat gepoog het om die opstand van swart mense teen apartheid hok te slaan, en toenemende internasionale druk was net so deel van daardie werklikheid. Die beroemde fotograaf van die tydskrif *Drum*, na wie soms verwys is as "a one-man truth squad", het swart weerstand teen die apartheidsbeleid en hoe dit mense affekteer het, sensitief dokumenteer.

Om meer te wete te kom oor David Pratt is die album wel nuttig in soverre dit die dag waarop Pratt vir Verwoerd geskiet het, beeldstaaf. Dit wys hoe Verwoerd hande skud met hooggeplaastes tydens die Unie Skou, soos die Randse Paasskou destyds bekend gestaan het. Daar is foto's van hom tydens sy openingsrede. Op een foto staan Verwoerd langs die skoubekers wat later oorhandig sou word. Dan volg 'n reeks foto's wat in snel-modus geneem is en wys hoe hy sy gesig gryp en vol bloed neersak. Teen die einde is daar ook foto's wat die sluipmoord deur Tsafendas en die staatsbegrafnis dokumenteer.

Figuur 1. Verwoerd groet hooggeplaastes voor sy openingsrede by die Unie Skou. **(Bron: P. Grobbelaar, *Man van die Volk*, ble. 72-3)**

As regsgeleerde is mens seker altyd geïnteresseerd in sulke beroemde gevalle. As mens hedendaagse berigte lees oor die sluipmoorde van Pratt en Tsafendas, is dit opvallend hoeveel daar in die dade geprojekteer word deur die beriggewende protagoniste vanuit hulle eie heilsperspektief.[1] Die geskiedenis van die vroeë sestigerjare is taamlik toegegooi onder retrospektiewe beoordelings van die geskiedenis wat die historiese milieu as 't ware amper verdring.[2]

Daar is heelwat oor Tsafendas en sy moontlike motiewe geskryf (Van Wyk 1966; Van Woerden 2000; Adams 2011; Cooper s.j.), maar die meeste mense weet redelik min van Pratt.[3] Die vraag kom outomaties op: Wat sou 'n Engelse sakeman en boer wat nie juis as 'n politieke aktivis opgeval het nie, daartoe gedryf het om die Eerste Minister tromp-op te loop en te skiet? Wou Pratt hom wreek op Verwoerd omdat laasgenoemde na bewering 'n verhouding met sy Nederlandse vrou gehad het? Of was hy kop in een mus met sy neuroloog, 'n oortuigde kommunis en hegte vriend van Joe Slovo? Het hulle die sluipmoord beplan met die hoop dat Pratt, gesteun deur sy neuroloog, as ontoerekeningsvatbaar vir die daad klassifiseer sou word soos die neuroloog se vennoot later beweer het? Wat het die rooi briefie met die moorddreigemente aan Verwoerd twee weke voor die aanslag daarmee te doen? Of was dit eerder 'n geval dat Pratt weens sy manies-depressiewe psigoses aan 'n verlosser-sindroom gely het en Suid-Afrika van die simbool van apartheid wou bevry?

Om die Pratt-sluipmoordpoging te ontleed, is destydse koerantberigte, dokumente in die Nasionale Argief en 'n aantal outobiografieë nuttig om meer uitsluitsel oor die motiewe vir die sluipmoord te kry, maar ook om 'n beter beeld van Pratt as mens te kan vorm. Die tipiese

metodiek wat regsgeleerdes benut om gevallestudies te ontleed, word aangewend om vas te stel watter bewering die mees waarskynlike is. Die bewyse word beoordeel volgens die maatstaf van ’n oorwig van waarskynlikheid.

Die dilemma is natuurlik ook hoe mens so ’n taak die beste aanpak. Een moontlikheid sou wees om die sluipmoordpoging as vertrekpunt te neem en dan Pratt se lewe terugskouend te laat ontvou deur getuienis in die hof. Die nadeel is dat dit hom dan van meet af binne ’n strafregtelike en psigiatriese konteks plaas. Ek gaan dus liewer sy lewe chronologies probeer herkonstrueer uit die beskikbare bronne, sodat die drama sy natuurlike gang neem.

2. Pratt se persoonlike agtergrond

2.1 Britse afstamming, immigrasie en jeugjare

Pratt was van Britse afstamming. Arthur Pratt en sy vrou Georgina, gebore Wills, het twee kinders gehad: David en ’n jonger suster genaamd Ethel Margaret (“Peggy”).[4] David is op 1 Oktober 1909 in Croydon, Londen gebore.[5] Die Pratts het ná Uniewording, toe David twee jaar oud was, Suid-Afrika toe emigreer.[6]

Arthur Pratt was ’n gesiene en baie welvarende besigheidsman in Johannesburg. Hy het onder meer die lekkergoedfabriek Crispette Candy besit en was ’n aandeelhouer in R. and P. Company (Pty) Ltd (Reinhold en Pratt), wat die Cullinan-geboue besit het. Die kantoorgeboue was in die vyftigerjare £173 000 werd. Verder het hy aandele gehad in die Electricity Supply Commission, Rand Water Board, South African Iron and Steel Industries, Sidlew Investments en Hendon Investments.[7]

Die familie het in ’n luukse herehuis in Houghton Estate (Houghtonrylaan 49) gewoon. David is na King Edward VII Boys’ High in Johannesburg gestuur.[8] Op skool het hy akademies uitgeblink, maar het reeds opgeval weens sy antisosiale gedrag.[9] Pratt het van kindsbeen af al epileptiese aanvalle gekry. Hy het egter verskillende tye vir wanneer dit begin het, aan verskillende psigiaters aangedui. Hy het prof. L.A. Hurst vertel dat hy sy eerste epileptiese aanvalle op die ouderdom van agt gekry het,[10] en dr. Jacobson dat dit met twaalf begin het,[11] terwyl hy dr. Benjamin Chesler vertel het dat dit eers met adolessensie begin het.[12] Blykbaar het sy ma se suster, Edith Tingey, wat in Engeland gewoon het en deur Arthur Pratt finansieel ondersteun is,[13] ook aan epilepsie gely.[14]

Na skool het sy ouers hom vir verdere studie na Engeland gestuur.[15] David het ’n graad in ouditeurskunde met lof behaal aan die Universiteit van Cambridge(Potgieter 1970:572-3). Hy was ook in ’n roeispan van die universiteit.[16]

2.2 Pratt, die sakeman en boer

David Pratt was ’n welvarende sakeman.[17] Hy het verskeie persele en geboue besit en die lekkergoedfabriek van die familie bestuur. Daarbenewens het hy vier plase gehad, naamlik Moloney’s Eye in die Magaliesberg, en drie verdere plase in die distrik Krugersdorp, naamlik Steenkoppie, waar hy ten tye van die egskeiding van sy eerste vrou gewoon het,[18] en Delarey en Rietfontein. Hy het ’n mangaanmyn op die plaas Steenkoppie bedryf.[19] Op Moloney’s Eye het hy ’n lieflike huis vir sy tweede vrou laat bou.[20] Hy het met ’n uitsoekkudde Ayrshire-stoetbeeste geboer en het ook ’n melkery bedryf. Die kudde, waarmee hy baie skoubekers gewen het, het hy later verkoop omdat hy probleme ondervind het om sy sake behoorlik te behartig. Daar was ’n fontein op die plaas wat die reeks damme van die forelboerdery gevoed het. Hy het daagliks vars forelle aan restaurante in die stad gelewer. Pratt se chauffeur, Jan Hendricks, het hom elke oggend Johannesburg toe geneem om na sy sakebelange om te sien.[21]

Frank Holland, ’n buurman van Pratt, het vertel dat Pratt baie goed was vir oumense en hulle gehelp het, ongeag of hulle Engels- of Afrikaanssprekend was, en dat hy vriende gehad het “in both sections of the white communities”. Hoewel hy sjarmant kon wees, was hy nie “a good mixer” nie.[22] Pratt het gereeld skenkings gemaak ten bate van Boys’ Town in Magaliesberg en die Anglikaanse St. Peterskerk in Krugersdorp. Ook hulle kinderoppasser, wat terug is Yorkshire toe nadat sy tweede vrou hom verlaat het, het hy bedank met halfjaarlikse onderhoud.[23]

Die prentjie wat ontstaan uit verskillende voorleggings van psigiaters wat hom oor die jare behandel het en die uitgerekte onderhoudtwis met sy eerste vrou is dat Pratt ook ’n ander sy gehad het. Hy was ’n moeilike mens om mee klaar te kom: hy het ’n opvlieënde geaardheid gehad en kon by tye kleinlik, wispelturig en onverskillig wees.

2.3 Sy eerste huwelik met Mary Lindsay Hatrick

Die 25-jarige David Pratt is op 6 Februarie 1935 getroud met die Britse joernalis Mary Lindsay Hatrick, wat twee jaar ouer as hy was.[24] Daar is twee kinders uit die huwelik gebore: Susan Diana op 9 Desember 1937 en David John op 13 Augustus 1940. Net voor Kersfees in 1941 het Arthur Pratt ’n groot deel van sy aandele oorgedra aan sy seun – “in consideration of the natural love and affection which he has for his son”. In hierdie skenkingsooreenkoms het hy ook aandele oorgedra aan sy twee kleinkinders, Susan en David John.[25]

Pratt het hom aangemeld as vrywilliger in die lugmag vir die Tweede Wêreldoorlog.[26] Uit sy mediese dossier by die lugmag blyk dit dat hy weens epilepsie afgradeer is na die C-kategorie omdat hy medies ongeskik was vir die gevegsfront. Die lugmag het hom in Augustus 1940 laat opneem vir behandeling weens epilepsie – dieselfde maand as dié waarin sy seuntjie gebore is. Met sy ouditeursagtergrond is Pratt ingedeel om klerklike werk te doen.[27] Prof. Austin M. Lamont, ’n professor in psigiatrie aan die Universiteit van Pretoria, het later in die hof, na die aanslag op Verwoerd, Pratt soos volg beoordeel:[28]

> Bearing in mind that he always had a secure background of wealth, the period in the army is important as being the only period in the past 20 years when he had to conform to an orderly work situation. The story of the court martial and the second board (when he was declared totally unfit for all forms of service in October 1943) suggest that this chartered accountant met difficulty in adjusting to a clerical post in the army. It is suggested that without his wealth he would not have been able to break off deteriorating business and domestic relationships before landing in serious trouble.

Daar is dus reeds vroeë aanduidings dat ’n lewe saam met Pratt moeilik was. Nadat hulle seuntjie op vierjarige ouderdom, op 10 Maart 1945, oorlede is[29] het Mary hom verlaat. Sy was ’n tyd lank in Durban. Hy het talle briewe aan haar geskryf, en sy maak verskoning dat sy eers op 8 Mei 1945 geantwoord het. Die trant van die brief klink asof sy wou wegkom om na te dink oor haar lewe. Sy skryf:

> I don’t know what your feelings now are, but from your letters I somehow think you want to try making a go of things again. I’m convinced it won’t work out for either of us. And that it is better to make a break now. It will be hard and lonely, especially at first, but honestly David, I think it will be best. I’ve given the matter a great deal of thought as I have led a very quiet life here. I’ve had plenty of time for thinking.

Sy skryf verder:

> At this point, I do want you to know that neither Jack nor Sandra have attempted to influence me. I’ve come to the decision by myself. I simply announced when I arrived that we were parting, that was that.

Mary berig dat Jack aan die manuskrip oor sy “Grecian adventure” werk en dat sy dit vir hom tik. Sy laat deurskemer: “I feel I’m doing something useful at last.” Die Jack waarna sy verwys, was klaarblyklik majoor Jack Gage. Hy het sy ervarings in Griekeland tydens die Tweede Wêreldoorlog neergepen. Dit het in 1950 as *The Greek Adventure* verskyn (Gage 1950). Die volgende adres was boaan die brief gedruk: Rathlin, 155 Goble Road, Durban.[30] Gage se pa was van Ierse afkoms en het na Suid-Afrika emigreer. Dit was blykbaar tradisie in die familie om hulle huise na die Ierse eiland Rathlin te vernoem.[31] Jack Gage was in ’n tweede huwelik getroud met die narkotiseur Helen Alexandra (Sandra) Hatrick, wat skynbaar aan Mary Hatrick verwant was. Beide Hatrick-dames het in 1935 getrou.[32]

In die brief vra Mary of David vir Susan saamgevat het na die Peace Decorations omdat sy so baie van vlae hou. Sy vra verder uit of Susan se hoes al beter geword het en sê dat die huis so leeg is sonder haar – waarskynlik ’n heenwys daarna dat Susan, toe sewe jaar oud, op skool was by St. Andrew’s in Johannesburg. Dis opvallend dat sy niks sê oor die seuntjie wat skaars twee maande tevore dood is nie. Sy skryf bloot dat sy Pratt sal kontak sodra sy terug is in Johannesburg sodat hulle dinge kan uitpraat, en dat sy na die woonstel toe gaan, nie plaas toe nie. Sy latere egskeidingsdagvaarding gee haar adres aan as Osborneweg 42, Orange Grove, Johannesburg. Vermoedelik het sy reeds die woonstel betrek voordat sy Durban toe is omdat dit naby die skool was.[33]

Dit is nie duidelik waarom Mary vir Pratt verlaat het nie. Dit klink asof hulle verhouding verbrokkel het. Hulle dogter Susan het later, na die aanslag op Verwoerd en tydens haar *ex parte*-aansoek voor die Transvaalse Hooggeregshof, getuig dat so lank as wat sy haar kan herinner, haar pa ernstige psigiese probleme gehad het en sielkundige terapie ondergaan het.[34]

Op 20 September 1945 het Pratt se prokureurs Mary gedagvaar om die huweliksregte te herstel, en indien sy nie na hom sou terugkeer nie, hy die egskeiding sou instel.[35] Die advokaat wat Pratt se egskeidingsaak behartig het en hom ook later in die sluipmoordpogingsaak sou verdedig, was Issie Maisels. Die dagvaarding vir die egskeiding beweer dat Mary hom "onregmatig en kwaadwilliglik verlaat het" en geweier het om na hom terug te keer.[36]

Dit kan maklik die verkeerde indruk skep. Volgens die geldende reg was daar destyds net vier toelaatbare gronde vir 'n egskeiding: egbreuk, ongeneesbare kranksinnigheid oor 'n tydperk van sewe jaar, gevangeskap van minstens vyf jaar, of as die een party die ander "onregmatig en kwaadwilliglik" verlaat het (Hahlo 1969:358). Een van die partye moes dus altyd "die blaam dra" sodat 'n egpaar kon skei, selfs al het hulle vrywillig ooreengekom om te skei.[37]

Dit was ook hier die geval en word bevestig deur die bepalings van die egskeidingsooreenkoms.[38] Daarvolgens het beide ouers gesamentlike voogdyskap oor hulle dogter Susan gekry. Pratt sou £50 per maand onderhoud aan Mary betaal tot sy te sterwe kom of weer sou trou. Die bedrag het onderhoud vir Susan ingesluit. Sy sou na St. Andrew's gaan en in die kosskool bly en Pratt sou alle skoolonkoste dra. Die vakansies moes Susan afwisselend by die ouers deurbring. Sodra Susan mondig word, sou Mary se onderhoud tot £30 per maand afgeskaal word. Indien Pratt voor Mary te sterwe sou kom, sou sy óf £5 000 óf 20% van sy boedel erf, welke bedrag geringer was. Hierdie bedrag moes in trust vir Susan gehou word. Mary moes verder afstand doen van alle regte om intestaat te kon erf uit die boedel van haar oorlede seuntjie. Sy sou eers later agterkom dat Arthur Pratt in 1941 'n skenking aan haar kinders gemaak het. Kragtens die intestate erfreg sou sy aanspraak kon maak op die helfte van die skenking van Arthur Pratt aan John. Hulle is finaal geskei op 28 Februarie 1946. Pratt het alle regskostes van die egskeiding gedra, insluitende die £15 vir Mary se prokureurs.[39]

Volgens dr. Solly Jacobson het die egskeiding sy tol geëis. In 1945 en 1946 het Pratt se epileptiese aanvalle toegeneem. Hy het omtrent elke tien dae 'n aanval gekry. Pratt het daarna elektriese skokterapie ontvang, maar ook ná sy ontslag het hy aan fases van euforie en depressie gely.[40] In 1946 is Pratt VSA toe vir behandeling in Boston deur dr. Lennox, waar bevestig is dat hy sowel *petit mal*- as *grand mal*-aanvalle kry.[41]

2.4 Die uitgerekte onderhoudstryd

Mary is later met 'n Johannesburgse prokureur, Gordon Wallace Cumming, getroud. Ook hulle was sosiaal gesiene, en al het hulle nie in Houghton gewoon nie, was Dunkeld net so 'n klein trappie daaronder. Aanvanklik het hulle eers by sy ouers gewoon, maar het later 'n eie huis in dieselfde buurt gekoop.[42]

Dat sy weer getrou het, het natuurlik die onderhoudsooreenkoms affekteer, omdat Mary oorspronklik net gesamentlike onderhoud vir haar en Susan toegeken is en sy dit outomaties sou verloor sodra sy weer sou trou. Hierdie swak-gekonstrueerde onderhoudsooreenkoms het tot ernstige twis tussen Mary en Pratt gelei. Die feit dat Pratt die skenking van aandele in Arthur Pratt se firmas aan Susan teenoor Mary verswyg het, het dinge ook nie verbeter nie.

Terwyl Pratt in 1948-1949 psigiatriese behandeling in die VSA ondergaan het, het hy hoegenaamd geen onderhoud vir Susan aan Mary betaal nie. Haar man moes dus inspring om in te staan vir Susan se onderhoud en skoolgelde.[43]

Die tydperk van 1949 tot 1953 word gekenmerk deur ’n konstante regstryd tussen die twee, waar hulle by tye net by monde van hulle prokureurs kommunikeer het. In September 1949 het Pratt regstappe ingestel vir uitsluitlike voogdyskap van sy dogter.[44] Na baie geheen-en-weer is die aangeleentheid bygelê in ’n ooreenkoms tussen die partye in Augustus 1951, waar uitsluitlike voogdyskap vir Susan aan Mary toegeken is.

David Pratt het die veertienjarige Susan uit St. Andrew’s gehaal en haar vir ’n jaar ingeskryf aan die eksklusiewe privaatskool Chateau Brillamont in Lausanne, Switserland.[45] Mary was daarteen gekant. Dit lyk asof Pratt daarmee sy toekomstige skoonfamilie wou beïndruk. Die skoolgelde van Brillamont was dubbeld soveel as dié van St. Andrews, wat op daardie stadium £270 per jaar bedra het.

Op die ou einde het Mary toegegee en is die besonderhede in terme van ’n ooreenkoms neergelê. Die ooreenkoms het onder meer bepaal dat Susan oor Kersfees vir ’n skivakansie na Klosters kon gaan. Sy sou na afloop van die jaar, in Julie 1952, per vliegtuig of per boot terugkeer Suid-Afrika toe en die vakansie by haar ma deurbring. Indien sy baat sou vind by die eerste jaar, sou beide ouers besluit of sy vir ’n verdere jaar kon terugkeer na die Switserse privaatskool. Sy kon egter ook teruggaan na St. Andrew’s toe op Pratt se onkoste. Na voltooiing van haar skooloopleiding sou sy geregtig wees om vir ’n jaar na ’n afrondingskool in Europa te gaan. Pratt sou die onkoste dra, en moes sy eksvrou £10 onderhoud per maand betaal vir die tye wat hulle dogter by haar met vakansie was. Mary kon vir haar klere koop met dien verstande dat sy dit moes afspreek met Pratt se verloofde en dat hy dan die onkoste binne twee weke sou vereffen. Die ooreenkoms het ook ’n bepaling gehad dat Susan nie saam met Pratt mag ry indien hy die bestuurder is nie. Hy kon wel met haar op sy Magaliesberg-plaas rondry.[46] Die rede vir die klousule was dat Pratt ’n paar keer epileptiese aanvalle gehad het terwyl hy bestuur het.

Pratt was op daardie stadium verloof aan ’n Nederlandse dame, Patty van Heijningen. Hulle is in Julie 1951 saam met Susan met die boot Europa toe, en het eers ’n besoek by haar ouers in Nederland afgelê. Na hulle troue in September 1951 het hulle Susan in Lausanne afgesien. In Desember 1951 het hulle haar weer in Switserland besoek. Volgens Patty het Susan van geluk gestraal om haar pa weer te sien, en toe hulle weg is, was sy baie hartseer.[47]

In die akte oor die onderhoudsaak is daar twee briewe van Susan aan haar pa terwyl sy in Lausanne was. Die eerste brief is kort voor Kersfees geskryf. Sy vertel dat sy vordering in

Frans maak en het gevra dat haar pa haar bietjie sakgeld moet stuur om te kon reis, aangesien sy te min geld oorgehad het nadat sy Kerspersente gekoop het. Sy vertel dat die Indiese "prinses Indira Gandhi" ook Klosters toe sou kom, maar in die Duitse skool sou wees. Susan wou haar daagliks besoek en haar op Kersdag uitnooi.[48] Indira Gandhi, die latere Indiese premier, het aan die Ecole International in Genève studeer, maar in 1951 was sy 34 jaar oud en reeds getroud – kwalik 'n maat vir die veertienjarige Susan.[49] Dis moontlik dat Gandhi egter weer in Switserland was om gesondheidsredes.

In die lentetyd het Susan weer vir haar pa geskryf en hom bedank vir die £5 wat hy gestuur het. Sy sê dat sy vir hom en Patty op die plaas sal kom kuier as sy terug is, maar eers al haar vriende in Johannesburg wou sien.[50] Verder: "Daddy, please could you send me some summer clothes because I have grown out of mine and people are lending me skirts, blouses, dresses and shoes and I feel horrible."

Blykbaar het hy dit nie gedoen nie, hoewel jong meisies in hulle puberteit vinnig groei. Mary is in Mei 1952 oorsee en het die vyftienjarige Susan teen die einde van Junie in Lausanne ontmoet om haar terug Suid-Afrika toe te begelei. Al die klere in haar koffer was klere wat ander kinders vir haar gegee het. Blykbaar het dit Susan erg ontstem. Volgens Mary het sy en haar man Susan probeer oorreed om haar pa te besoek, maar sy het volstrek geweier.

Op die ou einde het sy ingestem om hom een Sondag in Julie te besoek.[51] Patty het getuig dat sy geskok was oor die antagonistiese houding wat Susan skielik teenoor haar pa ingeneem het. Volgens Patty het Susan en haar pa gestry en nadat sy 'n uur en 'n half gehuil het, het sy Susan op haar versoek na haar ma teruggeneem.[52] In September sou sy hulle op die plaas besoek vir drie weke, maar na 'n paar dae het Pratt haar "sonder rede" terug geneem. Susan het beweer dat "her father and stepmother did not want her anymore and that her father had been 'horrid' to her".[53]

Die agtergrond van die struweling was dat Arthur Pratt kort tevore dood is en dat Pratt blykbaar 'n bevlieging gekry het dat Susan, as sy enigste erfgenaam, voorberei moes word daarop om die besigheid eendag oor te neem, en derhalwe "verantwoordelikheid en beskeidenheid" moes leer.[54] Hy wou haar dus na 'n kloosterskool in Krugersdorp stuur en het voorgegee dat hy nie Switserse valuta in die hande kon kry om vir 'n tweede jaar in Lausanne te betaal nie. Susan het gevra of dit makliker sou wees om Franse valuta te kry, omdat sy dan graag saam met van haar vroeëre Switserse skoolmaats na 'n kloosterskool in Neuilly, naby Parys, wou gaan. Pratt het egter gemeen dat sy "nog veels te jonk is" daarvoor.

Sy het verbete daarteen vasgeskop om Krugersdorp toe gestuur te word, en dus het Pratt navraag gedoen of daar dalk vir haar plek sou wees by St. Anne's Convent in Natal.[55] Susan wou egter intussen liewer teruggaan St. Andrew's toe, soos dit in die ooreenkoms bepaal was. Die probleem was dat die skool nie bereid was om haar weer toe te laat nie, omdat Pratt, voordat hy haar uit die skool gehaal het om haar Lausanne toe stuur, nie die skoolgeld- en kosskoolrekening vereffen het nie. Hulle moes regstappe instel om die geld uit hom te kry. Dit het baie mooipraat van Mary gekos voordat die skoolhoof ingestem het om Susan weer te

aanvaar, en sy het ook net ingestem op voorwaarde dat Mary aanspreeklik sou wees vir alle kostes en dat hulle net met haar sou kommunikeer. [56]

Pratt het dikwels nie die ooreengekome onderhoud stiptelik betaal of die skoolklere wat Mary gekoop het, aan haar vergoed nie. Om ander klere te koop, moes Mary eers die toestemming van sy vrou kry, maar in dié geval was dit bloot klere wat deur die skool voorgeskryf was. Ouma Pratt was boonop saam om die inkopies te doen. Pratt was dus duidelik daarop uit om skoor te soek. Mary het teenoor haar skoonfamilie gekla en gevra wat sy kon doen, maar hulle het ook maar net die skouers opgetrek.

'n Verdere aspek wat hulle verhouding versuur het, is dat Arthur Pratt voor sy dood vir Mary verseker het dat hy voorsiening gemaak het vir Susan. Die testament wat Arthur Pratt in 1951 opgestel het, het bepaal dat maandelikse onderhoudsbedrae aan sy vrou, die sekretaresse wat sy steunpilaar was, sy susters, sy vrou se suster en niggies van hom betaal moes word tot hulle dood. Negentig persent van die res van sy boedel moes gelykop verdeel word tussen sy seun en dogter. Uit die res het hy 'n trustfonds geskep wat £500 000 sterk was om die onderhoudskostes van die ander te dek. Indien David voor Arthur te sterwe sou kom, sou sy aandeel terugval in die trustfonds en dit moes deur 'n administrateur gebruik word om sy weduwee en al sy kinders te versorg. Indien die weduwee weer sou trou, moes die geld in die trustfonds alleen ten bate van die kinders administreer word, wat hulle by mondigwording gelykop sou erf. Susan sou dus nie direk op onderhoud uit die Arthur Pratt Trustfonds geregtig wees solank as wat haar pa gelewe het nie.[57]

Op grond van wat Arthur aan haar gesê het, het Mary na sy dood by die aktekantoor navraag gedoen of daar eventueel 'n skenking of ander nalatenskap vir Susan was. By dié geleentheid het sy gehoor dat daar in Augustus 1952 'n dividend van £807 aan Susan uitbetaal is. Dit het haar vermoede bevestig dat daar 'n aparte skenkingsooreenkoms moes wees en sy het as Susan se voog aangedring op insae in alle inkomste wat aan Susan toegestaan word. Op dié manier het sy van die 1941-skenking te hore gekom. Pratt het voorgegee dat hy die kostes vir die jaar in Switserland met die inkomste uit die dividende betaal het, maar dit kon nie die geval gewees het nie, omdat die dividend eers ná Susan se terugkeer verklaar is. Daarop het hy beweer dat hy self die uitgawes voorgeskiet het en geregtig was om die geld te hou. Mary het egter teëgekap deur daarop te wys dat sowel Susan se kaartjie Europa toe as haar skoolgeld nog deur haar oupa betaal was.[58]

Na baie heen-en-weer-kibbelry het Mary besluit om 'n hofbevel te kry wat Pratt sou verplig om genoegsame onderhoud uit Susan se eie fondse tot haar beskikking te stel. Nadat die hofdatum drie keer deur Pratt se prokureurs verskuif is, het hulle op die ou einde in Junie 1953 'n skikking aangebied. Daarvolgens is Mary finaal as enigste voog van Susan erken. Pratt moes redelike toegang tot sy dogter hê en Susan moes jaarliks 'n maand by hom deurbring tydens skoolvakansies. Dit is ook gereël dat £530, verdeel in vier kwartaallikse paaiemente, vooruit aan Mary betaal moes word om die kostes van die privaatskool en onderhoud te dek uit die fondse van die nalatenskap van haar oupa aan haar.[59] Op hierdie basis kon Mary ook vir Susan, nadat sy haar skoolopleiding uitstekend voltooi het, vir 'n

afrondingsjaar Switserland toe stuur. Daarna het Susan in Londen as ’n model opgang gemaak.[60]

Mens sien dus dat David Pratt soos ’n bedorwe rykmanskind opgetree het wat gewoond was om sy sin te kry en baie selfgesentreerd en wispelturig kon wees. Hy het min verantwoordelikheidsin aan die dag gelê ten opsigte van sy onderhoudsplig.

2.5 Pratt se tweede huwelik, met Patty van Heijningen

Pratt en Patty van Heijningen is op 15 September 1951 in Den Haag getroud.[61] Hoewel sy Patty genoem is, wys amptelike dokumente dat haar doopname Sarah Leonarda was.[62] Susan was hulle blommemeisie.[63] Hulle het mekaar glo in 1946 op ’n skip terug na die Unie ontmoet, waarskynlik nadat Pratt in die VSA behandel is. Sy was ’n aanvallige blondine en dogter van ’n beroemde Den Haagse radioloog.[64] Twee jaar later, in 1953, is hulle dogter Georgina Francesca (genoem Marijke) gebore, en in 1956 hulle seun Charles David.[65]

Pratt se geestestoestand het ook húlle huwelik op die rotse laat beland. In teenstelling met Mary, kon Patty egter nie van Pratt skei nie, omdat sy ’n gelowige Katoliek was en die Katolieke Kerk nie egskeiding toegelaat het nie. Mens sien dus hoe sy tussen twee ekstreme posisies ’n balans probeer vind: pogings om hom te help enersyds, en terugdeinsing van ’n lewe saam met hom om haar kinders ’n normale lewe te gun, andersyds.

Pratt se psigiese probleme het in 1954 ’n nuwe klimaks bereik. Dit is moontlik dat die voorafgaande stres in die onderhoudsaak wat uiteindelik in 1953 geskik is, die druk om met ’n jong vrou getroud te wees en boonop geseën te word met die geboorte van ’n baba op Oukersdag 1953, te veel vir die labiele Pratt was om te hanteer. Dieselfde het gebeur na die geboorte van sy seuntjie by sy eerste vrou in 1940. Die vraag is dus of daar ’n moontlike verband bestaan het tussen die geboorte van sy kinders en verhoogde stresvlakke wat tot epileptiese aanvalle of depressie gely het. Het Pratt dalk gevrees dat epilepsie oorerflik is en dat sy kinders ook onder die stigma daarvan sou moes ly?

Terwyl hy van sy plaas af op pad was Krugersdorp toe, het iets gebeur: “a wonderful state” soos “a light being turned on in a dark room”. Die toestand het heeldag aangehou en teen sononder, beskryf hy, “I received my first intense feeling that it was neccessary to go out and give a message.” Hy het dr. Geerling, ’n psigiater en neuroloog wat hom van tyd tot tyd behandel het, van hierdie ervaring vertel.[66]

Na hierdie euforiese belewenis het Pratt weer in ’n swaar depressie versink – iets wat tipies by manies-depressiewe persone voorkom. Dr. Geerling het hom in die Tara-kliniek in Johannesburg laat opneem, maar hy moes weens die volgende insident na Sanatoria oorgeplaas word. Hy het aan rusteloosheid en slapeloosheid gely en dr. Geerling het hom inspuitings gegee om te ontpan sodat hy kon slaap. Dit het egter blykbaar die teenoorgestelde uitwerking gehad:[67]

> Pratt became violent and smashed windows and had to be removed and locked up in Sanatoria. There he descended into what he described as a "Miltonian Hell", complete with fires, prongs and yells of anguish.

Sy toestand was emosioneel onvoorspelbaar – by tye eufories en dan weer broeiend, vyandig en aggressief. Pratt het "orrelmusiek gehoor" en "disembodied" gevoel. Die neuroloë het sy toestand met elektriese–skok-terapie probeer behandel.[68]

In moderne mediese terme sou Pratt se toestand waarskynlik gediagnoseer word as maniese depressie en epilepsie begelei deur tinnitus. Soos ook uit van die mediese verslae duidelik is, het spesialiste destyds nog sulke "orrelmusiek" as akoestiese hallusinasies beskou. Intussen is wetenskaplik bewys dat tinnitus die waarneming van nie-uiterlike akoestiese klanke is wat soos orrelmusiek kan klink. Dit is 'n biologiese simptoom van 'n ekstreme strestoestand wat voorkom as 'n begeleidende effek van angstoestande, slaaploosheid en depressie en het niks met hallusinasies te doen nie. Persone wat aan epilepsie ly, berig dat as hulle onder stres verkeer, hulle dikwels tinnitus kry, en dan 'n *grand mal*-aanval (Biesinger 2007; Feldmann 2002; Hocker 1997).

Blykbaar het Pratt sy tinnitus egter as 'n hemelse boodskap interpreteer. Hy het besluit om klavierlesse te neem "in the hope of being able to recapture for humanity the heavenly melodies he had heard during the days of experiencing the organ music".[69] Sy vrou het baie gely onder sy gewoonte om een keer per maand op 'n bepaalde dag die hele nag lank 'n enkele akkoord op die klavier te hamer (Maisels 1998:104).

In hierdie tyd het Pratt ook aan "grandiose delusions of the political saviour type" begin ly en het geglo dat hy uitverkore is vir Suid-Afrika se politiese verlossing.[70] Hy het homself in die rol van 'n Ou-Testamentiese profeet gesien wat hom in sak en as wou klee en al sy besittings wou weggee. By tye het hy homself as 'n tipe Christus-figuur beskou. Die psigiaters het sy toestand as morbied-religieus beskryf. Hy het dikwels by die rektor van die Anglikaanse gekerk gebieg en was ook geïnteresseerd in "yogism".[71]

Pratt was intens gekant teen nasionalisme. Malan en baie nasionaliste het apartheid as 'n oplossing beskou om die probleem van 'n groeiende swart oormag te hanteer (Giliomee 2012:46). Toe Alan Paton die Liberale Party (LP) in 1953 stig, het Pratt by die party aangesluit. Hy wou die regering uit die kussings lig en konstateer: "I decided to form a Coalition government." Prof. L.A. Hurst het Pratt se politieke missie op grond van die "boodskap" wat hy in 1954 ontvang het, soos volg beskryf:[72]

> He tells of how he proposed to approach three political leaders, one of whom was Mr. Havenga. One agreed, in principle, but when the second turned the proposal down, he decided not to approach Mr. Havenga, a fact for which he has subsequently blamed himself. Although questioning elicits the fact that he was not seeking cabinet rank, but that his role was that of "getting things going", I consider that this disclosure of his indicates a grandiose or megalomanic trend as having existed at the time, of the political saviour type, in his lack of appreciation of his lack of qualification and experience for his self-assigned role of political leadership.

Mens moet dus in gedagte hou dat Pratt werklik ernstige psigiese probleme gehad het, maar hy was ook intelligent en binne die konteks van politieke gebeure van 1954 was sy idee nie heeltemal absurd nie. Kortliks die volgende politieke agtergrond:

Klasie Havenga was ’n groot aanhanger van J.B.M. Hertzog en was minister van finansies in sy kabinet van 1929 tot 1934. Nadat Smuts vir Hertzog verdring het, het Havenga die pro-Hertzog Afrikaner Party in 1941 gestig. In die 1943-verkiesing het die party geen setels gewen nie, maar in Maart 1947 het Havenga ’n verkiesingspakt met Malan se Herenigde Nasionale Party (HNP) aangegaan. In die 1948-verkiesing het hulle net-net daarin geslaag om tesame ’n vyf-setel-meerderheid te behaal, egter met kwalik 40% van die kiesersteun weens die gelaaide stedelike kiesafdelings wat die platteland bevoordeel het. Die nege setels van die Afrikaner Party was dus deurslaggewend dat Malan aan bewind kon kom.

Jan Smuts het in 1950 met ’n soortgelyke idee aan die een wat Pratt in gedagte gehad het, gespeel. In die versameling van die *Smuts Papers* is korrespondensie opgeneem van hom met dr. E.G. Malherbe van die Verenigde Party (VP), waarin hy hom probeer oorreed het om ’n koalisie met Havenga se Afrikaner Party vir die 1953-verkiesing te vorm. Smuts het dit as uitsigloos beskou om Hofmeyr te loods as die VP se kandidaat vir die pos van premier in die 1953-verkiesing. Havenga was baie gewild onder Engelssprekendes, omdat hy ’n goeie minister van finansies was. In daardie tyd het Havenga self ook kontak met Malherbe opgeneem oor ’n moontlike koalisie, omdat hy ongemaklik was met Malan se politiek om die kieswette te verander wat die kleurlinge polities sou ontmagtig het. Malherbe het Smuts laat verstaan dat hy Havenga as nuwe eerste minister sou verkies, terwyl Smuts klaarblyklik vir Malherbe aan stuur van sake wou hê. Dus het die verhandelinge doodgeloop (Van der Poel 1973:229-33). In 1951 het die Afrikaner Party en die HNP toe saamgesmelt as die Nasionale Party (NP) (Giliomee 2003:492). In die 1953-verkiesing het hulle 94 setels behaal teenoor die 57 setels van die VP. Ná die 1953-verkiesing het die Kaapse Natte begin twyfel oor die wysheid om die bruin stem van die kieserslys te verwyder. Dit het al hoe onwaarskynliker geword dat die NP by die stembus verslaan sou word. Die VP het geen poging aangewend om groot getalle nuwe bruin kiesers te registreer nie (Giliomee 2012:47). Malan was verder aan die stuur van sake as eerste minister, hoewel hy al baie oud was. Dit was duidelik dat hy beoog het om in die loop van 1954, dus ten tye van Pratt se idees oor ’n koalisie, af te tree. Havenga was Malan se voorkeur-kandidaat as sy opvolger, maar die ekstreem-nasionalistiese “Jong Turke” van die Transvaal, wat Pratt maar alte goed geken het, het daarin geslaag om hulle kandidaat, Hans Strydom, aan die bewind te bring in Desember 1954 (Koorts 2010).

Hoewel daar dus nie sprake kon wees van ’n koalisie tussen Havenga en die VP of die nuutgestigte LP nie, is dit tog duidelik dat Pratt bewus was van die verdere swaai na regs wat verwag kon word as Strydom en nie Havenga nie vir Malan sou opvolg. Wat hom waarskynlik die meeste bedruk het, was dat Strydom ook die Britse Gemenebes van State wou verlaat – iets wat sekerlik teen die grein van baie Engelssprekende Suid-Afrikaners was.

Na sy ontslag uit die kliniek het sy vrou aangedring dat Pratt hom deur dr. Benjamin Chesler, ’n welbekende neuroloog, moet laat behandel. Die behandeling was relatief suksesvol, want

Pratt se epileptiese aanvalle het afgeneem van een keer per maand na een keer elke drie maande.

Tussendeur het Patty vir Pratt probeer oorreed om Europa toe te emigreer.[73] Waarskynlik het sy gehoop dat ’n ander omgewing ’n positiewe uitwerking op sy toestand sou hê. Sy het hom selfs probeer oorreed om ’n Katoliek te word en het hom omgepraat om ’n pelgrimsreis na Lourdes te onderneem. Lourdes is een van die heiligste plekke vir Katolieke, veral vir mense wat hoop om genesing te vind van ongeneeslike kwale indien hulle in aanraking sou kom met die helende water van die fontein in nabygeleë grotte waar Moeder Maria in 1858 aan die Heilige Bernadette verskyn het. Die idee het Pratt blykbaar nie aangestaan nie. Hy het verkies om eerder na ’n stiergeveg te gaan kyk.[74]

In Januarie 1956 is hy weer eens opgeneem en behandel vir ernstige depressie. In November 1957 is hy opnuut opgeneem vir psigiatriese behandeling. Die behandeling het voortgeduur tot Januarie 1958. Hoewel dr. Chesler by ontslag beweer het dat hy in staat was om weer “sosiaal normaal te verkeer”, het sy vrou hom verlaat en terug gekeer Nederland toe. Volgens Pratt se dogter Susan het Patty hom verlaat omdat hy haar gedreig het en sy bang was vir hom.[75] Prof. Hurst het beaam dat sy ook van mening was dat Pratt se “craziness” nie goed vir haar kinders was nie.[76] Blykbaar het Pratt haar agterna gesit met ’n rewolwer in sy sak. Op haar versoek is hy in hegtenis geneem op die lughawe in Amsterdam.[77]

Sy psigiatriese behandeling is in April en Mei 1958 voortgesit, maar sy toestand het vinnig agteruitgegaan. In Augustus is Pratt opnuut in Clarendon-kliniek opgeneem tydens ’n manies-depressiewe fase. Dr. Chesler het Pratt se suster, Peggy Ricketts, aangeraai om ’n *curator bonis* vir Pratt te laat aanstel om sy sake te behartig. Hy was van mening: “Pratt was not capable of satisfactorily managing his affairs.”

Na sy ontslag het Pratt ’n uitval gehad met sy neef saam met wie hy in ’n besigheid was, en hom aangerand. Sy neef het nie ’n kriminele klag teen hom gelê nie – waarskynlik om die familie die skande te spaar.[78] Pratt was taamlik arrogant en aanmatigend teenoor sy neef en het hom by tye sommer lukraak uit die firma ontslaan.

Ten spyte van al die aanduidings dat Pratt nie meer in staat was om sy privaatlewe en besigheid behoorlik te hanteer nie, het sy suster, namens wie hy ook die Arthur Pratt Trustfonds bestuur het, geweier om dr. Chesler se raad te volg. Daarop het Chesler hulle meegedeel dat hy nie bereid is om verder die verantwoordelikheid vir Pratt as sy pasiënt te dra nie. Hy het gevra dat Pratt in die toekoms deur ’n ander psigiater behandel moet word.[79]

Dr. Solly Jacobson berig dat Pratt daarna deur ’n algemene praktisyn, dr. Dudley Jacobs, na hom verwys is. In November 1958 het hy ’n elektro-enkefalogram van Pratt gedoen en gevind dat dit ekstreem abnormaal was. Volgens hom was Pratt psigoties en het hy aan idiopatiese epilepsie gely. [80]

Pratt se buurman in die Magaliesberg het vertel dat hy tevergeefs probeer het om sy familie oor te haal om terug te keer Suid-Afrika toe.[81] Pratt sou later in sy rede van die

beskuldigdebank vertel dat hy Suid-Afrika nooit sou kon verlaat nie, omdat sy hele lewe hier was. Hy het selfs die plaas Old Sillery in Constantia gekoop met die hoop dat Patty bereid sou wees om in die Kaap te kom bly. Dit was blykbaar afgespreek dat Patty en die kinders hom oor die somervakansie sou kom besoek. Net voordat die skip in Desember 1958 sou vertrek, het sy egter 'n telegram gestuur waarin sy hom meedeel dat sy nie meer kom nie.[82] Oënskynlik het vertwyfeling daaroor dat sy nie meer kom nie, weer Pratt se stresvlakke opgejaag. Terwyl hy in die Kaap op pad was na sy vriend dr. Lee, het hy 'n "aura" gekry – die aankondiging dat 'n epileptiese aanval in aantog was, maar kon gelukkig nog betyds van die pad aftrek.

Tot watter ekstreme stappe hy bereid was om oor te gaan, berig 'n verslaggewer van *The Star* uit Londen. In September 1959 is hy Europa toe om psigoterapie in Londen te ondergaan, maar ook om die ontvoering van sy dogtertjie voor te berei. Deel van sy plan was om sy familie vir 'n skivakansie Switserland toe te lok en dan sy dogtertjie te ontvoer. Hy het waarskynlik in die waan verkeer dat hy Patty op hierdie manier onder druk kon plaas om terug te keer Suid-Afrika toe as hy eers die kind daar het. Mickey Wood vertel dat Pratt beweer het dat hy voogdyskap oor die kind het en skilder lewendig wat Pratt beplan het:[83] "He was to visit the family at Klosters and then, after gaining their confidence, take the little girl up to a certain spot near the ski slopes. I was to be in a helicopter and to come down, help them into the aircraft and fly off."

Volgens Wood het Pratt 'n paar keer per week hard geoefen in sy Londense "stunt man"-studio om teen Desember behoorlik fiks te wees om die ontvoering suksesvol deur te voer. Pratt is daarna met sy familie Switserland toe om te gaan ski. Wood moes hom volg met een van die "tough guys" van sy agentskap. Pratt het egter vanuit Switserland 'n telegram gestuur en die ontvoering stopgesit omdat sy familie agterdogtig geraak het. Die ontvoering is uitgestel tot Pratt se volgende Europese besoek.[84]

Teen die einde van Januarie 1960, voordat hy terug is Suid-Afrika toe, het Pratt 'n nuwe testament, wat ook sy laaste sou wees, laat opstel. Bo aan die testament gee hy sy adres aan as die Auberge de Kieviet, 'n stylvolle hotel in Wassenaar, net noord van Den Haag. Dit is deur die notaris Van Nes in Woerden beklink. Net soos sy pa het hy ook nie sy vrou direk laat erf nie.[85] Indien hy te sterwe sou kom, moes onderhoud aan Patty uit die trustfonds, wat vir die kinders administreer moes word tot hulle mondig was, betaal word. Daarna sou die kinders verplig wees om onderhoud aan haar te betaal.[86]

Na sy terugkeer uit Europa het Pratt weer in depressie verval.[87] Van die Kaap is hy eers na sy plaas in die Magaliesberg, maar kon nie tot ruste kom nie:[88]

> I ran away to the South Coast, as Mrs. Spiller has told you. I was down there for a few days, and she was worried about me. [...] Then I returned, for I had difficulties with the Manganese Company, factory, and other things, which had to be attended to, for it had been my intention to return to London – not to live, but to continue this psychoanalytic treatment which I had been taking. [...] It was then also, that I very nearly made my last suicide attempt, which Father Ormund talked me out of.

Hy het talle dramatiese afskeidsbriewe geskrywe aan verskeie persone en het gesê dit sou beter wees as hy sterf, want dan sou Patty dalk met die kinders terugkom Suid-Afrika toe en hulle in die Kaap vestig, waar die klimaat aangenamer as in Den Haag was. Hy wou nie dat sy kinders "in die vreemde" grootword nie, maar as hulle nie in Suid-Afrika wou bly nie, moes hulle ten minste in Engeland grootword.[89]

Dat hy inderdaad ook probleme met sy talle besighede gehad het, word bevestig deur die *grand mal* epileptiese aanval wat hy bietjie meer as 'n maand voor die sluipmoordpoging gehad het. Die aanval is ontlont deur 'n argument met die bestuurder van die mangaanmyn. Hulle was te perd op die plaas toe hy die "aura" kry wat die aanval voorafgaan. Hy het van sy perd afgeval en stuiptrekkings gekry. Die bestuurder het hulp ontbied en hom ingeneem Johannesburg toe, waar dr. Jacobson hom behandel het. Laasgenoemde het die datum van die aanval as 2 Maart 1960 noteer.[90]

By sy terugkeer in Suid-Afrika was Pratt geskok oor die eskalering van die politieke konflik. Hy het intense skudgevoelens gehad omdat alles skeefloop en het dit daaraan toegeskryf dat hy nie "die boodskappe van 1954" reg oorgedra het nie.[91] Hy het vertel dat elke keer voordat hy 'n selfmoordpoging kon deurvoer, iets gebeur het wat die daad verydel het. Hy het dit daaraan toegeskryf dat hy "nie die noodlot kon ontkom nie" en dus sy "opdrag moes uitvoer".[92]

Terwyl hy in Engeland was, het hy drie keer toesprake gehou vir die Britse Liberale Party op Hyde Park Corner in Londen.[93] Hy was nog oorsee toe die Britse premier Harold Macmillan op 3 Februarie 1960 sy beroemde "winde van verandering"-toespraak voor die Suid-Afrikaanse parlement in Kaapstad gelewer het, maar op pad terug het hulle skepe gekruis. Hy het gevoel dis sy missie om Suid-Afrika daartoe te lei om sy plek in die groter wêreldgemeenskap in te neem soos Macmillan propageer het en om Suid-Afrika van apartheid te bevry.[94]

Mens sien dus weer eens hoe hy – nes in die geval van die koalisieregering wat hy in 1954 wou inisieer – sy persoonlike probleme met sy politieke verlossingsmissie verdring. Dit is 'n tipiese manier waarop persone wat aan maniese depressie ly, 'n oplossing probeer vind: hulle eksternaliseer hulle werklike probleme en visualiseer hulleself in 'n heroïese rol waar hulle alles suksesvol kan hanteer.

3. Die sluipmoordpoging

3.1 Die toenemende konflik en geheimsinnige moorddreigement in rooi

Die magverskuiwing binne die NP na die Transvaal in 1954 het die tradisioneel meer gematigde Kaapse politici se posisie enorm verswak. Verwoerd, destyds minister van naturellesake, het koue water gegooi op Eben Dönges se visie van 'n dinamiese ontwikkeling van die tuislande met voldoende infrastruktuur en die vestiging van 'n lewensvatbare

ekonomie soos aanbeveel is deur die Tomlinson Kommissie (Giliomee 2012:4-41, 48, 65). Die leiersverkiesing van 1958, na Strijdom se dood, was die Kaapse Natte se laaste kans om hul dominante posisie te herwin. Drie kandidate was ter sprake: Verwoerd, Eben Dönges en C.R. Swart van die Vrystaat. Verskeie Kaapse Natte was so teen Verwoerd gekant dat hulle oorweeg het om van die NP weg te breek as hy aan bewind sou kom en wou ’n alliansie met die VP onder sir De Villiers Graaff sluit. Hulle kandidaat, Dönges, is egter deur Verwoerd verslaan en die Kaapse leiers het mettertyd voor Verwoerd kapituleer (Giliomee 2012:48-20).

Nadat Verwoerd eerste minister geword het, het politieke desentralisasie met die tuislandbeleid momentum gekry. Verwoerd het ’n tipe interne dekolonisering geloods om nasionale selfbeskikking vir die verskillende swart nasies moontlik te maak. Hy het gehoop dat dit die groeiende swart nasionalisme sou tevrede stel soos die dekoloniseringpolitiek van die Britte en die Franse (Giliomee 2012:44; Beinart en Dubow 1995:16; Davenport en Saunders 2000:408). Die beleid was egter van die begin af gedoem. Teen 1951 was daar reeds 2,4 miljoen stedelike swartes, ’n kwart van die totale swart bevolking. ’n Omkering in swart verstedeliking was dus onrealisties. Die verskerping van instromingsbeheer en die toepassing van paswette het eerder politieke opstand gestimuleer (Giliomee 2012:57-64; Marx 2012:235-49). Die eensydigheid van die beleidskepping en die feit dat Verwoerd nie bereid was om selfs met gematigde swart aktiviste te onderhandel nie, was waarskynlik die grootste struikelblokke (Giliomee 2012:43, 53, 57; Marx 2010:60–2).

Teen hierdie agtergrond is dit duidelik dat Pratt se paranoïese toestand verder versterk kon word deur die eskalering van die politieke konflik na sy terugkeer: op 21 Maart 1960 het die Sharpeville-tragedie plaasgevind. Die ANC-leier, Albert Luthuli, het sy pas verbrand en mense gevra om weg te bly van die werk af. Op 30 Maart het die regering ’n noodtoestand verklaar, waarna 11 700 persone in hegtenis geneem is. Op 8 April, die dag voor die sluipmoordpoging, het die regering die ANC en PAC verban.

Die dag na die aanslag het *The Star* berig: “[T]he attempt at murder did not come as a bolt from the blue. It was announced.”[95] Op 26 Maart 1960, vyf dae na Sharpeville, was daar ’n republikeinse saamtrek op Meyerton, waar 80 000 mense verwag is en waar Verwoerd die gasspreker sou wees. Vroeër die dag het ’n veiligheidsbeampte ’n rooi briefie aan hom gegee. Daarop het enkele woorde gestaan: “Today we kill Verwoerd” (Grobbelaar 1966:71). Hy het die boodskap gelees, die papiertjie weer toegevou en in sy baadjiesak gesit. Verwoerd het daarna nog in ’n oop motor deur die strate gery voordat hy na die byeenkoms is.

In daardie dae was rooi skryfpapier baie ongewoon. Of die rooi kleur gevaar moes versinnebeeld of as kenteken van die “Reds” (Kommunistiese Party) gedien het, is nooit opgeklaar nie. Die oorsprong van die geheimsinnige brief kon ook nie vasgestel word nie.

3.2 Die sluipmoordpoging

Op Saterdag 9 April 1960 het Verwoerd die Unie Skou op die ou skouterrein van Milnerpark geopen. Sy toespraak was ter viering van die vyftigste bestaansjaar van die Unie van Suid-Afrika.[96] Dit was ’n groot byeenkoms met oor die 30 000 toeskouers. Hoewel die opstand

teen apartheid al hoe meer toegeneem het, was Verwoerd eerder daartoe geneig om die xenofobiese vrese van wit Suid-Afrikaners tot bedaring bring.[97]

Figuur 2. Dr. Verwoerd tydens die openingsrede van die Uniefeestentoonstelling in Milnerpark, Johannesburg (Bron: P. Grobbelaar, *Man van die Volk*, bl. 73.)

Dis teen hierdie agtergrond dat Pratt besluit om die sluipmoord uit te voer. Dis interessant om te sien hoe die perspektiewe van beriggewers verskil en hoe hulle berigte inkleur vir ’n bepaalde effek. *Time* skilder die gebeure baie dramaties:[98]

> He [Verwoerd] took his seat beside his wife Betsie, not noticing David Pratt, a wispy, 54-year-old Transvaal farmer in green tweeds, who clambered briskly up the concrete steps behind the Prime Minister, flashing his exposition-committee-man's lapel badge to get past the husky detectives.
>
> Mounting a photographer's chair to get closer to the Prime Minister, the stranger spoke, and Verwoerd turned to shake the hand of a presumed greeter. Instead he stared at the point-blank muzzle of a .32 automatic. Pratt fired twice, and South Africa's Prime Minister lay on the concrete aisle, blood spurting from two holes in his cheek and ear. His wife flung her arms around him, crying, “What's happened? What's happened?” Then she fainted. Verwoerd’s personal bodyguard, Major Carl Richter, was a few feet away when, belatedly, he realized what had happened and fainted too.
>
> Seized by astonished guards, Pratt was hustled through the angry crowd, crying "God help me!"

Die kort oorsig wemel van foute: Pratt was 50 jaar oud en het ’n 0.22-pistool gebruik.[99] Betsie Verwoerd het ook nie flou geval nie; senator Schabort het haar nog later eenkant toe geneem.[100]



Figuur 3. Verwoerd gryp sy kop nadat hy geskiet is. (Bron: P. Grobbelaar, *Man van die Volk*, bl. 74)

Terwyl *Time* Pratt uitbeeld as ’n held wat teen apartheid geveg het, weerspieël Grobbelaar (1966:72) se weergawe die patriotiese tydgees:

> Kalm en bedaard nader ’n man die afskorting vir die eregaste. Hy haal ’n rewolwer uit sy sak. “Verwoerd!” roep hy, of dalk was dit tog: “Doktor Verwoerd!” Die Eerste Minister kyk. Iets klap. Stilte. Toe klap dit weer. Mense storm vorentoe. Glimlaggend gooi David Beresford Pratt die rewolwer tussen die bekers in op die tafel. Hy word oorrompel. Die gereg tree in.
>
> Bloeiend lê die Eerste Minister in sy stoel terwyl gewillige hande hom steun. Die skote het hom in die regterwang en -oor getref.

Ander koerantberigte skilder minder emosioneel en presies wat gebeur het. Nadat Verwoerd die openingsrede gelewer het, het hy saam met die hoofbestuurder van die skou, Charles James Laubscher, en ander persone na die finale beoordeling van vee in die arena gaan kyk. Intussen was daar ’n afkondiging dat die pers, radio- en televisiestasies hulle mikrofone van die hooftafel moet verwyder. Daarna het Verwoerd en Laubscher teruggekeer na die erepaviljoen toe. Terwyl Laubscher nog ’n paar woorde met iemand gewissel het, het Pratt op die erepaviljoen getree en Verwoerd se naam geroep.[101] Toe hy omdraai, het Pratt, wat skaars ’n meter van hom gestaan het, die eerste skoot gevuur. Die magasyn van Pratt se pistool was vol. Voordat hy die sneller kon getrek om die tweede skoot te vuur, het luitenant-kolonel Georffrey Marchant Harrison, die president van die Witwatersrandse Landbou-Unie, sy hand

gegryp en die koeël afgelei om ’n noodlottige treffer te verhoed. Senator C.C. Schabort, ’n vriend van Verwoerd, was ook op die erepaviljoen en dadelik byderhand. Pratt is oorrompel en in hegtenis geneem. Die eerste skoot het Verwoerd in die wang getref en die tweede in die oor. Harrison het waarskynlik Verwoerd se lewe gered.[102]

Figuur 4. Pratt word in hegtenis geneem. (Foto: *Dagbreek en Sondagnuus* Bron: Voorblad van *Die Transvaler*, Maandag 11 April 1960.)

Laubscher het bevestig dat die skou-organiseerders ekstra lyfwagte gereël het om Verwoerd te bewaak omdat hulle ’n aanslag gevrees het. Hulle het egter nie gedink dat iemand ’n aanslag op die erepaviljoen sou uitvoer nie. Pratt kon deurkom omdat hy die kans benut het om op die paviljoen te klim toe die persmanne hulle mikrofone verwyder het. [103]

Verwoerd is onverpoosd met ’n ambulans na die nabygeleë Johannesburg Hospitaal geneem, waar hy deur die neuroloog dr. Teddy Kerr behandel is. Volgens Kerr het die patroon aan die regterkant van die nek, net onder die skedel, ingedring en die skedel deurkruis, maar in die proses alle belangrike are, senuwees, die skildklier, die slukderm en lugweë gemis. Die tweede koeël het die oordrom deurboor. Sy bevinding was: “Only a miracle could have saved him. Had a larger calibre weapon been used, he would have been a goner”

Die politici wou Verwoerd na die Volkshospitaal in Pretoria laat verskuif. Daar is gevrees dat die aanslag die argwaan tussen Boer en Brit weer kon laat opvlam. Dr. Kerr het dr. Mauritz Lombard van Pretoria, ’n eertydse student wat onder hom in neurochirurgie spesialiseer het, as bemiddelaar betrek. Verwoerd is toe eers twee dae later na Pretoria oorgeplaas (Bird 1992:206). Nadat sy toestand gestabiliseer het, is die twee koeëls wat sy verhemelte deurboor en sy kaak gebreek het, verwyder. Vier top Afrikaanse spesialiste, naamlik professore H.W. Snyman (internis), F.S. Oosthuizen (radioloog en president van die Mediese Raad), C.H. Derksen (chirurg), en F.H. Hofmeyr (oor-neus-en-keel-spesialis), het oor sy toestand gewaak.[104] Hoewel daar aanvanklik vrees bestaan het dat Verwoerd doof sou wees in die een oor, het hy volkome herstel.[105]

3.3 Reaksie op die sluipmoordpoging

Volgens koerantberigte was Suid-Afrika in ’n skoktoestand na die aanslag. Die Volksraad het eenparig hulle meegevoel uitgespreek. Selfs sir De Villiers Graaff, leier van die opposisie, het die aanslag bestempel as ’n “lafhartige daad wat heeltemal onbekend op die Suid-Afrikaanse politieke toneel is”.[106] Intussen het daar lorrievragte blomme en beterskapkaartjies in Afrikaans en Engels by die hospitaal opgedaag.

Pratt se vrou, wat steeds in Nederland was, het by vriende van die sluipmoordpoging gehoor.[107] Sy neef, S.D. Pratt het dadelik Pratt se weduwee-suster, Peggy Ricketts, wat in die Kaap gewoon het, verwittig. Sy was baie ontsteld en het opgevlieg Johannesburg toe.[108] Haar seun, wat op die elite Anglikaanse privaatskool Michaelhouse[109] was en vir die Paasnaweek saam met ’n maat by Pratt op die plaas gekuier het, het sy eie weergawe van die gebeure in ’n brief aan sy ma neergepen. Issie Maisels (1998:107) vertel wat in die brief gestaan het:

> The following sentence then appears: “Of course the climax of the Show came when Uncle David had a go at Verwoerd.” [...] He then describes that Verwoerd finished his speech and the judging of the champions began. Just before the final animal was judged, the letter continues, he saw Uncle David walking into the arena and standing and joking with some of the exhibitors. He said that the animals started leaving the arena and he suddenly heard two bangs going off like crackers. He says he jumped up and saw Dr Verwoerd collapsing. He said he had a horrible feeling that it was Uncle David who had shot Verwoerd although he didn’t know at that stage who had done it. […] He came to the conclusion that Uncle David had shot Verwoerd in a moment of blind insanity.

Ruth Pilkington, ’n sekretaresse van ’n skoubeoordelaar, het net agter die eregaste gesit en het ook ’n gedetailleerde ooggetuie-berig neergepen. Sy vertel dat ’n Indiër-kelner senuweeagtig gevra het of dit ’n wit man of swart man was wat Verwoerd geskiet het. Op haar antwoord dat dit ’n wit man was, het hy ’n sug van verligting geslaak.[110]

Die buiteland het met gemengde gevoelens reageer. Daar het ondersteunende telegramme ingestroom vanuit die VSA, Groot-Brittanje, Oostenryk en Australië.[111] Daar is selfs vars tulpe per lugvrag uit Nederland gestuur.[112]

Die Britse eerste minister, Harold Macmillan, is dadelik van die gebeure in kennis gestel en het ’n boodskap van meegevoel en spoedige herstel gestuur. Die Amerikaanse president, Dwight Eisenhower, was baie bekommerd oor die aanval en het sy ambassadeur in Suid-Afrika gelas om spyt te kenne te gee oor die “laakbare aanval” op dr. Verwoerd.[113]

In Londen het die gevoelens gewissel van afsku tot verbystering. Mense was bevrees dat die pendel van geweld wat ná die Sharpeville-skietery en die noodtoestand ontketen is, verder kon eskaleer.[114] Britse kommentators, hoewel geskok deur die aanslag, het egter vas gestaan by hulle kritiek teen apartheid en het gewaarsku: “Violence could only breed violence.”[115]

Ook die Anglikaanse aartsbiskop van Kaapstad, dr. Joost de Blank, het apartheid skerp veroordeel en gewaarsku dat die fronte verder kon verhard.[116]

Intussen is ’n geregtelike kommissie van ondersoek oor die Sharpeville-voorval geloods,[117] maar die regering het onversetlik gebly oor die dra van pasboeke en het geweier om die noodtoestand op te hef.[118] Klopjagte is in Soweto uitgevoer om wapens van “opstandige naturelle” af te neem.[119]

Op 12 April 1960 is ’n program in Engeland gebeeldsend waarin Verwoerd en sir De Villiers Graaff vrae beantwoord het van vier onafhanklike waarnemers wat tien dae in Suid-Afrika was. Verwoerd het gemeen dat die pasboeke nodig is weens toenemende migrasie en verstedeliking, en dat die agitasie deur kommuniste aangeblaas word.[120]

4. Die verhoor van Pratt en getuienis van psigiaters

4.1 Die ondersoek van poging tot moord – geen sameswering

Voor die verhoor begin het, het die polisie die leidraad oor die rooi briefie opgevolg, maar kon geen verband tussen die doodsdreigemente van twee weke tevore en Pratt vind nie. Hulle kon ook nie enige leidrade dat ’n politieke groep by die beplanning van die aanslag betrokke was, vind nie.[121] Hoewel Pratt ’n lid van die Liberale Party was, en ’n militante groep na die Sharpeville-skietery ’n gewapende arm gestig het, die National Committee of Liberation (NCL), is daar geen bewyse dat Pratt by hierdie groep betrokke was nie, of dat hulle in die sluipmoordpoging betrokke was nie.[122] Ook die gematigde groepering rondom Alan Paton, wat teen geweld gekant was, sou nie Pratt se aanslag op Verwoerd goedgekeur het nie.

4.2 Voorlopige verhoor in Julie 1960

Pratt het nie op die eerste hofdag na die Paasnaweek in die landdroshof verskyn nie. Hy is aanvanklik aangehou kragtens die noodregulasies. Pratt het eers op 20 en 21 Julie 1960 vir ’n voorlopige verhoor in die hof verskyn. Die rede waarom die eerste verhoordatum van Pratt vir so lank na die skietery vasgestel is, was dat die prokureur-generaal wou wag om te sien hoe die oor-operasie van Verwoerd verloop en of hy sy gehoor verloor. Indien hy weens die skietwonde of die operasie binne die bestek van 101 dae na die aanslag sou sterf, moes die aanklag van poging tot moord in ’n aanklag van moord verander word. Die getuies wat vir die voorlopige verhoor gedagvaar was, het die burgemeester van Johannesburg, Alec Gorshel, asook Laubscher, Harrison, hoofkonstabel Koekemoer, Pratt se chauffeur, en die medici wat Verwoerd opereer het, ingesluit. Verwoerd self moes nie in die hof verskyn nie.[123]

Hoewel haar vriende haar afgeraai het om die voorlopige verhoor by te woon, was Susan Pratt tog in die hof op haar pa se versoek. Sy het baie las van die pers gehad. ’n Joernalis van ’n oorsese koerant het selfs in ’n boom voor hulle huis weggekruip en langs haar afgespring toe sy op die sypaadjie verbystap. Die koerante het gewedywer om Susan, wat as model in Londen opgang gemaak het, en haar klere te beskryf.[124]

Figuur 5: Susan Pratt. (Bron: *Sunday Times*, 11 September 1960)

Pratt se bruin chauffeur, Jan Hendricks, is op sy beurt ’n paar dae tevore deur ’n wit polisieman op die plaas aangerand.[125]

4.3 Die ex parte*-aansoek van Susan Pratt*

Pratt is deur die prokureursfirma Dryden en Myburgh, wat Issie Maisels as advokaat aangewys het, verteenwoordig. Maisels het reeds in die voorlopige verhoor namens Pratt opgetree. Hulle kon egter nie hond haaraf maak om Pratt te oorreed om psigiatriese getuienis ten opsigte van sy toestand aan die hof voor te lê nie.

Derhalwe het Susan die hof op 2 September, skaars ’n week voor die verhoor sou begin, genader met ’n *ex parte*-aansoek om ’n *curator ad litem* vir Pratt aan te stel daar hy nie in staat was om self behoorlik instruksies te gee ten opsigte van sy verdediging nie.[126] Die rede waarom sy so lank getalm het, is dat sy gehoop het dat Patty sou terugkeer uit Nederland om dit self onder hande te neem.[127] Patty het ’n maand voor die verhoor teruggekeer en adv. Marincowitz opdrag gegee om haar man te verteenwoordig. Hoewel sy vir Maisels belowe het om voor die hof oor Pratt se psigiese toestand getuienis af te lê, het sy tien dae voor die verhoor teruggevlieg Nederland toe (Maisels 1998:104).

Mediese verslae van dr. Chesler, dr. Jabobson, prof. Hurst en dr. Friedman, deur wie Pratt die aand van die aanslag op Verwoerd opgeneem is in die mediese laboratorium, is op 6 September aan die hof voorgelê. Dit het eenduidig bevestig dat Pratt psigies versteurd is en nie in staat om sy verdediging self te hanteer nie. Op 7 September het regter Theron die aansoek toegestaan en adv. William McEwan as *curator ad litem* aangewys met die opdrag

om toe te sien dat Pratt se regspan hom behoorlik verteenwoordig. Die *curator ad litem* moes ook die psigiatriese verslae aan die prokureur-generaal stuur.[128]

Pratt het intussen Dryden en Myburgh se mandaat teruggetrek en Benno Tennet as sy nuwe prokureur aangewys. Die eerste wat Maisels daarvan gehoor het, was toe Tennet hom die Saterdagmiddag verwittig dat hy nou Pratt se prokureur is en dat die *Sunday Times* hulle saam wou afneem. Maisels wou egter nie saam met hom poseer nie en tydens die verhoor was hulle verhouding soos vuur en swael. Tennet het volgens hom net die kalklig gesoek en geen ervaring van sulke strafsake gehad nie (Maisels 1998:103-4).

Op die Sondag voordat die verhoor sou begin, het Maisels vir Pratt in die tronk besoek om die verdediging finaal met hom te bespreek. Maisels (1998:104) beskryf Pratt se asemrowende ontsnappingsplan, wat mens nogal herinner aan sy "stunt man"-ontvoeringsplan van vroeër:

> Handling the warder half a crown, Pratt commissioned him to procure a copy of the *Sunday Times*, and then indicated that my colleagues should wait outside the interview room. With urgent confidentiality he proposed that, at the trial, I should create a diversion during my opening address, upon which he would leap from the dock and escape through an open window. A car would be waiting outside to carry him to Lanseria airport, from where, he said, he had chartered a plane to Swaziland.

As gerespekteerde advokaat kon Maisels hom natuurlik nie op so 'n gewaagde avontuur inlaat nie.

4.3 Die verhoor en psigiatriese beoordeling van Pratt

Die verhoor van Pratt het op 12 September 1960 begin.[129] Maisels het 'n formele aansoek aan die hof gerig dat Pratt weens epilepsie strafregtelik as ontoerekeningsvatbaar verklaar moes word in terme van die Wet op Geestesgebreke.[130]

Voor die verhoor begin het, het hy die prokureur-generaal in sy kantoor gespreek om hom mee te deel dat hy beoog om die aansoek te rig. Die prokureur-generaal, adv. R.W. Rein, het laat blyk dat hy die aansoek nie sou teenstaan nie.

Figuur 6. Issie Maisels Q.C. in later jare R.W. Rein Q.C. (Bron: *Sunday Times,* 11 September 1960)

By die geleentheid het Rein sy kommer uitgespreek oor ’n skinderstorie wat die rondte in Pretoria gedoen het, nl. dat Verwoerd kwansuis ’n verhouding met Pratt se Nederlandse vrou sou gehad het. Maisels (1998:103) herinner hom goed: “I recall laughing at the absurdity of this rumour. He [Rein] wanted me to give him an undertaking not to raise this fairy tale – to which, of course, I agreed.”

Aan die begin van die verhoor het die prokureur-generaal, wat self die saak behartig het, die volgende verklaring uitgereik (Maisels 1998:103): “I [...] wish to state that neither the accused nor his wife, Mrs Sarah Leonarda Pratt, has ever met the Prime Minister and that neither of them had ever had any dealings with the Prime Minister.”

Die Amerikaanse nuustydskrif *Time* het ook die storie opgehaal dat Patty Pratt ’n verhouding met ’n ander man gehad het: “Last year, after his Dutch wife left him for another man, [Pratt] arrived at Amsterdam's airport with a gun in his pocket and proclaimed his intention of killing her.”[131] Hierdie berig is natuurlik nie korrek nie, in soverre as wat Pratt se vrou hom nie ’n jaar tevore verlaat het nie, maar reeds in Januarie 1958. Dis inderdaad absurd dat Verwoerd, wat nou werklik ’n getroue man en goeie familievader verpersoonlik het, ’n verhouding met Pratt se mooi jong vrou sou hê.

Die vraag wat egter ontstaan, is of daar nie tog ’n vuurtjie was waar daar ’n rokie getrek het nie. Dis opvallend dat Patty vir Pratt verlaat het net na sy ontslag uit die kliniek, hoewel dr. Chesler van mening was dat hy weer sosiaal normaal kon verkeer. Terselfdertyd het Pratt vir Cornelius Zietsman, wat van 1943 tot 1957 vir hom gewerk het, skielik ontslaan.[132] Daar moes een of ander rede wees waarom Pratt iemand wat so lank getrou vir hom gewerk het, plotseling ontslaan het, dat sy vrou dan boonop op die vlug slaan, terwyl hy haar met ’n rewolwer agterna sit. Miskien het die onhoudbaarheid van ’n lewe saam met Pratt, die lang tye wat hy in psigiatriese klinieke deurgebring het, die eensaamheid op die plaas en ’n simpatieke oor van Zietsman, wat al so lank vir Pratt geken het en terdeë bewus was van sy toestand, haar in sy arms gedryf. Pratt het, soos later gesien sal word, gemeen dat sy vrou in 1957 ’n goeie pak slae moes gekry het.

Indien Patty geweet het dat Zietsman boonop getuienis sou aflê in die kriminele saak teen haar man, en bewus was van die gerugte wat in omloop was, kon dit ook verklaar het waarom sy skielik terug is Nederland toe, hoewel sy vir Issie Maisels belowe het dat sy in die hof sou getuig oor Pratt se gewoonte om op ’n bepaalde nag ’n enkele akkoord op die klavier te hamer. Dit sou ’n taamlike skandaal gewees het as so iets op die lappe moes kom. Patty was baie besorg daaroor om haar kinders te beskerm. ’n Joernalis van die *Sunday Times* het op 11 September 1960 berig:[133]

> At a press conference before her return to Holland, Mrs. Pratt told me that the two children did not know about the shooting of Dr. Verwoerd. She did not think it would be right to tell them about it now.

Hy berig ook dat sy beplan het om terug te keer Suid-Afrika toe en dat sy na die forelboerdery op die plaas gaan kyk het.

> Mrs. Patricia Pratt, who had been estranged from her husband […] will return to the Union from Holland in the near future to live here with her two children [...] This step follows a reconciliation between Mrs. Pratt and her husband which took place when she visited him in the Pretoria Central Prison where he is awaiting trial.

Die berig is nie heeltemal korrek nie, in soverre dit die indruk skep dat daar geen kontak tussen Pratt en sy vrou was sedert sy hom verlaat het nie. Soos ons gesien het, het hy wel sy familie in Nederland besoek, en hulle was ook saam op ’n skivakansie. Patty Pratt het ook nie later teruggekeer na die plaas toe nie en het Pratt ook nie weer besoek nie. Die perskonferensie moet waarskynlik beoordeel word in die lig daarvan dat sy ter wille van haar kinders normaliteit wou suggereer.

Die hofsaak het groot opspraak verwek en sitplek in die hof vir die internasionale pers en plaaslike joernaliste moes gerantsoeneer word, omdat daar nie vir almal plek was nie.[134] Dit is tot die laaste oomblik geheim gehou wie die voorsittende regter sou wees.[135] Regterpresident Rumpff het persoonlik die saak aangehoor.

Zietsman het getuig dat Pratt dikwels epileptiese aanvalle gekry het, en dat hy drie keer by was terwyl Pratt bestuur het en ’n aanval gekry het. Mev. Noel Spiller, Pratt se vennoot in ’n drankwinkel in Ramsgate, het ook getuig dat sy sulke aanvalle van Pratt belewe het. Richard Kumalo, wat op die mangaanmyn gewerk het, het bevestig dat Pratt kort tevore weer ’n epileptiese aanval gehad het.[136]

Die verslae van die verskillende psigiaters is aan die hof voorgelê en onder kruisverhoor nader toegelig. Dr. Jacobson en dr. Chesler het getuienis afgelê oor die tyd wat Pratt by hulle onder behandeling was.

Dr. J. Friedman, die senior distriksgeneesheer by die mediese laboratorium in Johannesburg, het Pratt die aand na die sluipmoordpoging ondersoek. Hoofkonstabel Koekemoer, wat eers die kriminele saak by die polisie opgeneem het, het Pratt na die laboratorium geneem. Dit het dr. Friedman opgeval dat Pratt “quite unconcerned about his crime” was. Toe hy hoor dat

Pratt aan epilepsie ly, het hy dadelik vir prof. Hurst ontbied om ook ’n psigiatriese ondersoek te doen. Hoofkonstabel Koekemoer, wat die saak moes ondersoek, was by beide ondersoeke aanwesig.[137]

Prof. Hurst was aan die mediese skool van die Universiteit van die Witwatersrand verbonde en hoofpsigiater aan die Johannesburgse Hospitaal en Tara-kliniek. Hy het breedvoerig verslag gedoen oor Pratt se toestand. Volgens hom het Pratt die aand vertel dat hy die vorige dag gesien het hoe ongeveer honderd mense in ’n vangwa gebondel is. Pratt het hom afgevra: “What the hell will be happening next?” Op daardie stadium was hy nie bewus dat die amptelike opening van die skou die volgende dag sou plaasvind nie. Hy het dit eers die aand in die koerant gesien. Die volgende oggend het Pratt ’n baie sterk gevoel gehad dat iemand iets moes doen “and it better bloody well be me, feeling as I do about it”. By die skou het hy na verskillende items gekyk, en toe na die Eerste Minister se toespraak geluister. Hy was nie beïndruk nie, en die gevoel het al hoe sterker geword dat hy iets moes doen.

Pratt het aan prof. Hurst uiteengesit dat indien die skare ten minste vir Verwoerd sou boe, dit al vir hom genoeg sou gewees het. Hy het na die finale beoordeling gaan kyk, en gedink: “I shall not kill this man, but lay him up for a month or more, to give him time to think things over.” Hy het toe besluit dat as hy iets wil doen, hy dit dadelik moes doen, en het toe na die erepaviljoen gestap en Verwoerd geskiet. Pratt kon onthou dat iemand sy arm weggestamp het en dat ’n tweede skoot afgegaan het, maar daarna het sy geheue hom in die steek gelaat. Sy tyd-oriëntasie was ook aangetas.[138] Hy het prof. Hurst verder vertel dat hy homself opgeoffer het ter wille van die land. Prof. Hurst het dit só saamgevat:[139]

> Pratt clearly recognises that his action is wrong in the eyes of the law but justifies it in terms of his political saviour-martyr grandiose delusion. His regret is for himself and his business associates.

Hurst het dit uitgesluit dat Pratt die daad gepleeg het binne die konteks van ’n epileptiese aanval, maar het gemeen “the intention to maim was formed under the sway of a delusional trend, [which] in my opinion, absolves Pratt from criminal responsibility.”[140] Hy het voorgestel dat regter Rumpff vir Pratt vir observasie na ’n psigiatriese kliniek stuur soos die wet voorskryf voordat ’n finale beslissing gevel word.

4.4 Pratt se toespraak vanuit die beskuldigdebank

Nadat die psigiaters hulle getuienis aan die hof voorgelê het en enkele punte onder kruisverhoor opgeklaar is, het Maisels sy betoog net voor die middagpouse gesluit. Hy het geen begeerte gehad om Pratt self getuienis te laat aflê nie. Sonder om dit met hom te bespreek het Pratt egter gevra om die hof te mag toespreek. Regter-president Rumpff, wat deurgaans uiters hoflik was, het voorgestel dat hy dit eers met sy verdediger en die *curator ad litem* moes bespreek. Pratt het egter voet by stuk gehou en die *curator ad litem* het aangedui dat hy nie daarteen gekant is nie.

Pratt het ’n taamlik lang rede gehou waarin hy sy lyding beskryf het. Wat vir hom belangrik was, is dat “mind abnormality in E.C.T. does not in itself represent insanity”.[141] Hy het die

mening uitgespreek dat sedert hy psigoterapie in Londen gekry het, hy besef het dat hy noodgedwonge met epilepsie moes saam lewe, maar dat daar hoop bestaan om iets aan die depressies te kon doen.

In sy eie toespraak kom sy desperaatheid oor sy huwelikslewe en die toespitsing van die konflik in Suid-Afrika ook duidelik na vore. Hy het dit verweef met sy skuldgevoelens dat hy nie gehoor gegee het aan die "boodskappe" van 1954 nie. Nadat die noodtoestand op 30 Maart 1960 afgekondig is, het hy en ene mnr. Zulman van die Durban Confectionary gesien hoe verskeie persone in vangwaens gestop is en in hegtenis geneem is. Dit het sy skuldgevoelens verhoog.

Hy het ook vertel dat hy dikwels 'n wapen gedra het weens die onsekere tye, veral as hy geweet het dat hy saans laat sou tuiskom. Baie mense het dit op daardie stadium gedoen. Daar was twee jong seuns oor die Paasnaweek by hom. Een van hulle was sy suster se seun wat op 'n elite-kosskool in Natal was. Hulle het besluit om die Saterdag na die skou toe te gaan, en omdat hy nie seker was hoe laat hulle sou terugkeer plaas toe nie, het hy versigtigheidshalwe sy rewolwer in sy sak gesteek.[142]

Hy konstateer duidelik dat hy definitief nie beplan het om Verwoerd te skiet nie, en dat hy eers 'n paar uur tevore gehoor het dat Verwoerd die openingsrede sou hou. Pratt vertel hoedat hy na die finale beoordeling van die stoetbeeste in die arena gekyk het. Op daardie stadium was die Eerste Minister en sy geselskap ook daar. Dit moes net na Verwoerd se openingsrede gewees het. Hy skilder die voorloop tot die aanval:

> I got into the cattle ring – they were judging the Gold Cup at the time – to talk to some friends, and while there I remembered an accident that had taken place, years ago, to me, while clipping an animal, in which my whole cheek was damaged – smashed in – and I was laid up for some time. And the thought that if I hit the Prime Minister on the identical spot, and maimed him for the same period of time that I was maimed, it would at least give him an opportunity to reconsider some of the things that had been taking place.
>
> It was sufficient, this feeling, to deaden my anti-assassination feelings against the urge to shoot and on that I went up and shot. And that, really, is all there is to it.
>
> If it had been my intention to kill him, I could have emptied every bullet in the chamber immediately into his head. There were five or six bullets, I think.

Wat mens in gedagte moes hou, is dat Verwoerd se lyfwagte by hom was in die arena. Dis waarskynlik waarom Pratt sy kans afgewag het tot Verwoerd weer plaasgeneem het op die erepaviljoen. Pratt betoog egter dat hy net een skoot wou afvuur, en dat die tweede skoot afgegaan terwyl hy oorweldig is en waarskynlik die ernstiger wond veroorsaak het.

Nadat hy Verwoerd gewond het, het hy 'n groot bevryding gevoel en het die las wat sedert 1954 op hom gerus het, van hom afgeval. Hy het ook gesê dat die laaste vyf maande in aanhouding honderd maal gelukkiger was as die laaste ses jaar van sy lewe.[144]

Eers het hy gevoel dat die oomblik toe hy Verwoerd geskiet het, die belangrikste in sy lewe was, maar noudat hy uiteindelik die platform het om sy boodskap aan Suid-Afrika oor te dra, voel hy dis die werklike hoogtepunt van sy lewe. Daarna het hy voortgegaan om ’n roerende politieke rede te hou. Hy het gevoel dat Suid-Afrika sy regmatige plek onder die nasies in die wêreld moes inneem en homself nie verder moes isoleer nie. Hy het die mense aangespoor om ’n “great and glorious future” aan te gryp en ’n beleid te volg soos Harold Macmillan bepleit het: “Rule by merit and not pigment of skin”:[145]

> South Africa has to throw off the slimy snake of apartheid which is gripping its throat. Practical apartheid, obviously, cannot go immediately. The principle of apartheid has to be flung off [...] and then it is up to the coloured section of the population how rapidly the practical section is put into effect.

Regter Rumpff het hoflik reageer en die hof tot 26 September verdaag sodat Pratt se gedrag vir twee weke deur ’n psigiater gemonitor kon word en daaroor aan die hof verslag gedoen kon word voordat ’n finale beslissing gevel word.

4.5 Professor Lamont se verslag en die finale uitspraak van regter Rumpff

Die superintendent van Weskoppies, prof. Austin M. Lamont, het ’n uitvoerige verslag opgestel. Prof. Lamont het aan die Universiteit van Glasgow gekwalifiseer en was ’n gesiene neuroloog.

Hy het sy verslag begin met ’n heenwys op ’n tatoeëermerk wat Pratt op sy regtervoorarm laat aanbring het. Dit het bestaan uit twee gekruiste swaarde met ’n *P* vir *Pratt* en ’n *V* vir *Verwoerd*. Links en regs daarvan was twee datums: 9.4.1960 en 12.9.1960. Dit was die tyd wat hy verhoorafwagtend was. Pratt was eufories oor sy tatoe. Pratt het prof. Lamont vertel dat die skoot op Verwoerd al die spanning wat in sy lewe oor die laaste ses jaar vanaf 1954 opgebou het, meteens ontlaai het.

Pratt het uit sy tronkdagboek voorgelees dat die herstel van Verwoerd vergelykbaar was met die wederopstanding van Christus en dat hy self die rol van Judas Iskariot speel:[146] “He stated that he had always had ‘a sneaking regard for Judas in view of his important contribution to the basis of the Christian religion’.”

Hoewel hy belowe het dat prof. Lamont die dagboek kon lees, het hy dit die volgende dag opgeskeur en in die toilet afgespoel. Pratt was onbeskof en minagtend en het by tye dreigend teenoor van die verpleegpersoneel opgetree. Hy het ook aan vervolgingswaan gely en die verpleegsuster moes eers van sy tee proe voordat hy bereid was om dit te drink.[147]

Die hegte verweefdheid van Pratt se emosionele versteurdheid met die feit dat sy vrou hom verlaat het, word baie duidelik uit die verslag. Tydens ’n onderhoud met die psigiaters het Pratt gesê die verpleegpersoneel se optrede was “a sort of exaggeration of my wife’s behaviour from 1957 onwards”. ’n Paar dae later moes hy toegee dat sy vrou, wat in Nederland was, geen invloed op die personeel kon uitoefen nie, maar het nogtans gemeen:

"[M]y wife needs a good hiding."[148] Een van die manlike verpleegpersoneel, wat 'n sterk Nederlandse aksent gehad het, was al genoeg om Pratt suspisieus te maak.[149]

Pratt was verder baie vies oor die publisiteit wat die koerante aan prof. Hurst se verslag gegee het. Hy het gemeen dat "al die onaangenaamheid" vermy kon gewees het as hy en dr. Verwoerd 'n geselsie kon hê. Hy het hoegenaamd geen begrip vir die erns van die aanslag op Verwoerd getoon nie. Prof. Lamont het sy toestand soos volg beskryf:[150]

> The suspicion, peevishness and egocentricity [...] are typical of the so-called epileptic temperament. Further features of the condition are the compulsive interfering with those round about him, irritability, restiveness and the adoption of threatening attitudes. All these attributes together with his impulsiveness and moodiness could lead to unpredictable behaviour [...] [That is] an attempt on the part of the patient to cope with his environment at a psychotic level.

Prof. Lamont het eenduidig tot die slotsom gekom dat Pratt psigies versteurd was in die sin soos bedoel deur die Wet op Geestesgebreke.

Regter Rumpff het in reaksie daarop vir Pratt as 'n psigiatriese pasiënt verklaar. Pratt is van Weskoppies oorgeplaas na die Oranje Hospitaal in Bloemfontein, omdat dit die enigste psigiatriese kliniek was waar daar voldoende veiligheid was om te verhoed dat hy kon ontsnap.

In later jare is regter Rumpff dikwels afgemaak as 'n regter wat te positivisties was, maar in hierdie saak het selfs Maisels (1998:105-6) hom lof toegeswaai en gesê: "[T]he judge president conducted the proceedings in an exemplary fashion."

Die vraag wat vandag egter by 'n mens opkom, is of die Wet op Geestesgegebreke van 1916 nie toe al heeltemal verouderd was nie. Die definisie van kranksinnigheid in die wet het nie tred gehou met vordering wat die mediese wetenskap op die gebied gemaak het nie. Uit die getuienis van dr. Jacobson kon mens aflei dat hy nie epilepsie sou klassifiseer as 'n vorm van kranksinnigheid nie. Vandag kwalifiseer epilepsie nie eers meer om ontoerekeningsvatbaarheid te legitimeer nie. Onlangs het 'n Duitse hof 'n persoon wat aan epilepsie ly en desondanks voortgegaan het om te bestuur, wel wetende dat hy in 'n ongeluk betrokke kon raak tydens 'n onverwagte epileptiese aanval, skuldig bevind aan manslag op grond van growwe nalatigheid. Sy motor het tydens 'n aanval buite beheer geraak en vier voetgangers is in die ongeluk dood. Hy is gevangenisstraf van drie en 'n half jaar opgelê en sy rybewys is vir vyf jaar ingetrek.[151]

Indien hierdie maatstaf ook vir Pratt gegeld het, sou die hof moes toets of hy die daad tydens 'n epileptiese aanval gepleeg het. Dit was nie die geval nie, en derhalwe sou epilepsie nie ter sake gewees het om toerekeningsvatbaarheid te bepaal nie. Die vraag sou eerder wees of Pratt as ontoerekeningsvatbaar beskou kon word tydens 'n maniese-depressiewe fase. As mens die getuienis voor die hof moes beoordeel, sou die hof waarskynlik nogtans tot die gevolgtrekking gekom het dat hy nie toerekeningsvatbaar was nie.

4.6 Pratt se appèl en selfmoord

Pratt wou van die begin af nie sy prokureurs toelaat om getuienis aan die hof voor te lê oor sy psigiatriese rekord nie. Pratt was bereid om ’n offer te bring en het daarmee bedoel dat hy bereid was om strafregtelike aanspreeklikheid vir die daad te aanvaar. Tydens die kruisverhoor van prof. Lamont op 26 September het hy sy kop instemmend geknik toe Lamont dit so interpreteer het.[152]

Klaarblyklik het dit eers na die uitspraak by hom ingesink dat hy vir ’n onbepaalde tyd in ’n gestig opgesluit sou word. Op 28 September 1960 het hy vanaf die Pretoria-tronk appèl aangeteken teen die uitspraak van regter Rumpff. As begronding het hy aangevoer dat hy nie geleentheid gegun was om Lamont se getuienis te weerlê nie. Verder het hy beweer dat sy verdediging met die prokureur-generaal gekonkel het en verhoed het dat “volle getuienis” voor die hof geplaas word. Die hof het hoflik teruggeskryf dat sy skrywe nie ’n geldige appèl is nie en dat hy die beoogde appèl met sy *curator ad litem* moet bespreek. Die hof het ook daarop gewys dat sowel sy advokaat as die *curator ad litem* geen vrae vir prof. Lamont gehad het nie en dat alles regtens korrek was.[153]

Figuur 7: David Pratt buite die Oranje Hospitaal (Bron: *Sunday Times*, 8 Januarie 1961)

Pratt is op 29 September 1960 oorgeplaas na die Oranje Hospitaal in Bloemfontein.[154] Sy vriend, die joernalis Desmond Blow, het hom in Januarie 1961 in die tronk besoek en vir hom gerookte forelle gevat. Hy het berig dat Pratt in ’n ernstige depressie verval het omdat hy nie oorgeplaas kon word na ’n Pretoriase hospitaal toe nie en omdat sy vrou hom nie besoek het nie. Pratt was ook ontevrede dat sy kamer reeds om vyf in die middag gesluit word, aangesien dit hom die geleentheid ontneem om astronomie te bestudeer.[155] Hy was glo ook in ’n argument betrokke met ’n ander pasiënt, wat hom toegetakel het, ’n blouoog gegee het en sy valstande stukkend geslaan het. Toe twee mediese assistente hom na ’n tandarts in die stad geneem het om sy valstande te herstel, het hy probeer ontsnap, maar is weer gevang.[156]

Dr. Jacobson het hom gereeld besoek en was baie bekommerd oor sy depressiewe toestand. Hy het die owerhede genader met ’n pleidooi om Pratt vry te laat, maar hulle het gemeen dat hy minstens ’n jaar lank in die inrigting moes bly voordat parool oorweeg kon word (Bird 1992:208).

Presies ’n jaar nadat hy in die Oranje Hospitaal opgeneem is, het hy op sy 52ste verjaardag selfmoord gepleeg deur homself in ’n toilet op te hang. Die oorsaak van dood word aangegee as “verwurging met drukking op die sinus corotical, obstruksie van die lugweë” en sy psigiese toestand as “epileptiese psigose”.[157]

5. Allan Bird se agterdog oor ’n sameswering tussen Pratt en Jacobson

Solly Jacobson se vennoot, prof. Allan Bird, beweer dat Jacobson vir Pratt én Tsafendas behandel het en hulle kon gemanipuleer het om die Eerste Minister uit die weg te ruim. In die geval van die Pratt-aanslag vermoed hy selfs dat daar ’n sameswering tussen hulle kon gewees het. Bird het geen direkte bewyse vir sy vermoede nie en het sy agterdog hoofsaaklik op drie insidente gegrond.

In sy memoires vertel Bird dat Jacobson in 1953 as derde vennoot in die neurologiese praktyk van hom en Andrew Watt opgeneem is. Bird was ook professor aan die mediese skool van die Universiteit van die Witwatersrand. Jacobson het in Engeland gespesialiseer. Hy het geen doekies omgedraai daaroor dat hy ’n toegewyde lid van die Kommunistiese Party was nie. Hy was heg bevriend met Joe Slovo en het selfs vir Bird as ’n lid van die party probeer werf (Bird 1992:203, 218). Nadat hulle derde kollega, Andrew Watt, in ’n ongeluk dood is, het Bird en Jacobson uitmekaar gedryf – deels omdat hulle werklas toegeneem het en deels omdat Jacobson die bietjie tyd wat hulle sosiaal kon verkeer, eerder vir sy politieke aktiwiteite opsy gesit het. Jacobson was ’n vurige teenstander van Verwoerd se “graniet-apartheidbeleid”.

Die eerste insident wat Bird (1992:204–5) geskok het en wat in sy geheue bly vassteek het, beskryf hy só:

> On one fateful occasion, together for some social event such as a birthday and chatting about the ugly turn the country’s politics were taking, Solly, obviously under great tension blurted out: “If Verwoerd goes on like this, HE IS GOING TO GET A BULLET.”
>
> These were the actual words he used, and because of their gravity, fixed themselves in my memory. I asked him to explain and he came out with a comment like: “Verwoerd is a mad man and is dragging the country to ruin.”

Die tweede insident wat Bird se agterdog gewek het, was die paniekerige optrede van Jacobson en Issie Maisels die aand na Pratt se aanslag op Verwoerd. Bird was toevallig in die Johannesburg Hospitaal om ’n noodgeval te behandel toe Verwoerd ingebring is en het eerstehandse inligting oor die skietwonde van sy kollega Teddy Kerr gekry. Bird (1992:207–8) het reeds geslaap toe die telefoon langs sy bed gelui het.

> It was Solly Jacobson. He was calling me to tell me that one of his patients, David Pratt, had shot the Prime Minister while he was opening the Rand Easter Agricultural Show at Milner Park that afternoon. The reason he was calling was because he feared

> that the assailant, who had been taken to the Police Forensic Laboratory for examination, might be undergoing physical torture to extract from him why he had carried out the deed.
>
> Solly wanted me to go to the lab to establish what was happening to Pratt. "Why should I have to go to the lab? He is not my patient, and I have never even set my eyes on him. If you consider it so important that someone should go and see what is going on, why don't you go yourself? After all, you know him and he is your patient."
>
> This futile discussion seemed to go on for several minutes and then Solly brought up a new point. "Issie Maisels is with me and he thinks it would be better that you should go." Maisels was a leading advocate and had been an acting judge. He was a close associate of Jacobson. When he heard that I was demurring, he came on the line himself and asked me to go to the lab, saying it would be better for all concerned – but I would not budge. Finally we said good night, but there was not much sleep for me that night …
>
> The next morning, Sunday, found Jacobson and myself back to routine and seeing our hospital patients. Jacobson looked washed out and weary and gave me a wan smile. "What the hell was going on last night?" I half-jokingly asked him. "In the end Issie and I went down to the laboratory."
>
> "And?"
>
> "There was nothing wrong going on. In fact they were treating Pratt very kindly."

Die derde insident waarop Bird (1992:204-5) sy agterdog baseer, het na Pratt se selfmoord plaasgevind:

> [...] Jacobson came to see me at home. He was distraught. Between sobs he told me that Pratt had hanged himself in a toilet at the hospital and he blamed himself for what had happened.
>
> As I was trying to console Solly, he told me that Pratt's original suicide attempt was brought about by Verwoerd's plans to introduce laws to impose apartheid through Parliament. But after treatment with psychotherapy and anti-depressant drugs, Pratt began to think more logically. Jacobson pointed out to him that, if he had died from the overdose, he would have achieved nothing towards curtailing apartheid. I gathered that between them they worked out a plan for Pratt to shoot Verwoerd. As he suffered from epilepsy, according to the Mental Disorders Act of 1916, he was insane and would not have to stand trial.

Bird (1992:214-5) het vir brigadier Johan Coetzee van die Veiligheidspolisie probeer oorreed om Solly Jacobson te laat uitlewer om aangekla te word vir medepligtigheid aan die twee aanslae op Verwoerd.

As mens na die meriete van die drie gronde van agterdog kyk, is daar nie enige kousale verband wat werklik die vermoede bevestig dat Jacobson vir Pratt opgestook het om Verwoerd te vermoor nie.

Daar was waarskynlik heelparty mense wat Verwoerd in die destydse troebel omstandighede van toenemende geweld sou wou doodgemaak het, soos mens ook uit die rooi dreigbrief kan aflei. Verwoerd het dikwels die gemoedere laat opvlam. In 1941, toe hy nog redakteur van *Die Transvaler* was, het twee gemaskerde en gewapende mans hom ook een nag oorval. Hulle wou hom ’n les leer oor sy uitgesprokenheid teen Hitler en fascisme. Klaarblyklik was hulle lede van die Ossewabrandwag se paramilitêre vleuel, die Stormjaers, wat tevore ook Frans Mentz van die Nasionale Party ’n afranseling gegee het en L.F. Nel en Dice Lötter vermoor het.[158]

Die feit dat Solly bedenkinge gehad het om Pratt die aand van die aanslag op Verwoerd te besoek, kan eerder as normaal onder die omstandighede beskou word. Maisels was ’n beroemde advokaat wat baie aangeklaagdes verdedig het wat in opstand teen apartheid was en met die gereg gebots het. Dit is te verstane dat hy bekommerd was dat Solly onder verdenking kon kom dat hy iets met die aanslag te doen het, gegewe die feit dat hy ’n lid van die ondergrondse Kommunistiese Party was. Duisende mense was op daardie stadium in aanhouding onder die noodtoestand. Selfs Pratt is aanvanklik onder die noodtoestandmaatreëls aangehou.

Voorts is dit normaal dat Jacobson en Pratt tydens terapiesessies ook politiek sou praat. Dit was immers ’n gemene deler en iets wat beide bedruk het. Jacobson het egter in al sy verslae voor die hof gesê dat die eintlike rede waarom Pratt hom kom sien het in November 1958, sy depressiewe toestand was omdat sy vrou hom verlaat het. Jacobson het ook daarop gewys dat Pratt se depressiewe toestand in 1946 ’n direkte gevolg van sy egskeiding van sy eerste vrou was. Bird het waarskynlik nie daarvan kennis gedra nie.

Mens moet ook in gedagte hou dat Pratt al van 1954 af aan ’n religieus-morbiede politieke-verlosser-sindroom gely het. Dit het as ’n tipe ontsnappingsmeganisme gedien omdat hy sy persoonlike stresfaktore nie kon hanteer nie. Hy het van homself in sy helderol gehou en het dinge natuurlik ook vanuit daardie perspektief graag aan die behandelende psigiaters geskilder. Dit was deel van die prentjie, en miskien het dit Jacobson ook in die besonder aangespreek vanweë sy eie politieke oortuigings. In soverre is skuldgevoelens wat hy gekoester het dat hy eventueel die perke van mediese etiek kon oorskry het, te verstane. Dit het hom baie bedruk dat Pratt in ’n inrigting vir kranksinniges aangehou is.

Verder, in 1960, toe Pratt vir Verwoerd geskiet het, was die apartheidwetgewing reeds grotendeels in die parlement deurgedruk. Alle gronde van agterdog wat Bird aanvoer, laat die belangrikste faktor, naamlik Pratt se familieprobleme, buite rekening.

Wat veral teen die tese van Bird spreek, is die impulsiewe aard van Pratt se aanslag op Verwoerd. Dit was nie ’n beplande aanslag nie. Sluipmoordenaars wat so ’n daad beplan, werk alles voor die tyd noukeurig uit, en is veral daarop bedag om ongesiens van die toneel weg te kom. Pratt het die Eerste Minister tromp-op geloop en geskiet.

Daar kan ook nie daarvan sprake wees dat Pratt en Jacobson met voorbedagte rade die aanslag beplan het met die hoop dat hy as ontoerekeningsvatbaar verklaar sou word nie.

Inteendeel, Pratt wou juis nie dat sy mediese rekord aan die hof voorgelê word nie. Hy wou in die geskiedenis ingaan as ’n “normale” held wat Suid-Afrika van apartheid “verlos het” en bereid was om daarvoor tereg te staan.

Bird se agterdog dat Jacobson ook agter die aanslag van Tsafendas steek, is eweneens onoortuigend. Die polisie het op 11 Julie 1963 toegeslaan op Liliesleaf in Rivonia. Jacobson het inderhaas landuit gevlug. Hy het werk gekry by ’n psigiatriese kliniek in Brighton. Bird (1992:210) het beweer dat hy Tsafendas uit ’n psigiatriese kliniek in Brighton ontslaan het en kwansuis opgesteek het om Verwoerd te vermoor.

Volgens die verslag van die kommissie van ondersoek oor die Tsafendas-sluipmoord wat deur regter J.T. van Wyk gelei is, het Tsafendas hom op 17 September 1959 aangemeld vir behandeling in ’n inrigting in Engeland en is op 4 Oktober 1959 oorgeplaas na die White-Croft Hospital op die Eiland Wight. Vandaar is hy op 3 Desember 1959 na Duitsland gedeporteer.[159] Daarna het Tsafendas in verskeie lande rondgedobber. Die rede waarom Tsafendas teruggekeer het na suidelike Afrika, was dat sy pa in Februarie 1962 oorlede is en hy gehoop het dat hy iets uit die boedel sou erf.[160] Sy stiefma het hom in November 1963 in Lourenço Marques gaan haal en Pretoria toe gebring.[161]

Met ander woorde, teen die tyd dat Jacobson Engeland toe gevlug het, was Tsafendas al vier jaar tevore gedeporteer. Tsafendas was ook nie in ’n kliniek in Brighton behandel nie, maar op die Eiland Wight. Jacobson het in Julie 1963 Londen toe gevlug, terwyl Tsafendas eers in November weer sy opwagting in suidelike Afrika gemaak het. Indien iemand wel vir Tsafendas in Londen sou opgestook het om Verwoerd te vermoor, kon dit definitief nie Jacobson gewees het nie. Uit die beskikbare data wat ondersoek is, is daar geen inligting wat ’n aanduiding gee dat hulle mekaar hoegenaamd geken het nie.

Allan Bird se siening oor wat hy self belewe en ervaar het, is nogtans waardevol as optekeninge van ’n tydgenoot wat ’n belangrike figuur in die drama goed geken het. Ironies genoeg dien die gronde vir agterdog wat hom soveel sielswroeging oor die rol van sy vennoot veroorsaak het, juis as begronding om die teendeel te kan bewys en sy eertydse kollega van blaam te onthef.

Kirkham, Levy en Crotty (1970:1) noem drie vereistes vir ’n aanslag om as politieke sluipmoord te kwalifiseer, naamlik (i) dat die slagoffer ’n prominente persoonlikheid is, (ii) dat daar ’n politieke motief vir die aanslag is, en (iii) dat die slagoffer gedood of ernstig beseer word. Die sluipmoord kan ’n groot impak hê as die prominente persoonlikheid nie maklik vervang kan word nie, die sisteem ’n krisis belewe of die samelewing deur ’n fase van groot sosiale veranderinge gaan waar die bestaande sisteem deur ander politieke magte konfronteer word. Die subjektiewe beoordeling van die legitimiteit van sluipmoord is egter ’n sosiale konstruk wat niks met regstaatlike prosedures te doen het nie: wat die een as bona fide politieke sluipmoord beskou, kan die ander as moord beskou (Ben-Yehuda 1993:42). Rapoport (1971:37-8) wys verder op die verskille tussen sluipmoorde en terroriste-aanslae:

> In his mind, the assassin destroys men who are corrupting a system, while the terrorist destroys a system which has *already* corrupted everyone it touches [...]. Assassination is an incident, a passing deed, an event; terrorism is a way of life, a dedication. At most assassination involves a conspiracy, but terrorism requires a movement.

Rapoport het ook vroeg bewys dat "the personal histories of lone assassins suggest only that a sizeable minority show traces of insanity" (1971:21).

Volgens Lester (1986:216) is daar drie verskillende tipes sluipmoorde: dié deur gehuurde sluipmoordenaars wat geen persoonlike aksie teen die slagoffers het nie; dié wat spruit uit sameswerings om 'n politieke orde te verander; en sluipmoorde op grond van persoonlike argwaan.[162]

Politieke sluipmoorde word gekenmerk deur twee fases, te wete 'n voorbereidende en 'n uitvoerende fase (Rapoport 1971:37). Die sluipmoord word meestal noukeurig beplan en met voorbedagte raad voltrek. Die sluipmoordenaar kies 'n spesifieke slagoffer op grond van sy politieke standpunte of die rol wat hy speel. In teenstelling met gewone moorde ken die sluipmoordenaar selde sy slagoffer persoonlik (Ben-Yehuda 1993:42-3). Die sogenaamde "lone wolf"-tipe sluipmoordenaar is die moeilikste om te betrap, omdat dit makliker is vir so 'n sluipmoordenaar om onontdek in posisie vir die aanslag te kom en omdat die beplanning van die sluipmoord nie beslommer word deur 'n sameswering nie.

Die aanslag van David Pratt op Verwoerd voldoen aan al die kriteria van Kirkham, Levy en Crotty (1970) om as sluipmoord te kwalifiseer. Volgens Lester (1986) se tipering val Pratt in kategorie van sluipmoordenaars wat op grond van persoonlike argwaan gehandel het. Die aanslag verskil egter van tipiese sluipmoorde, omdat daar nie 'n definitiewe beplanningsfase was nie. Op die oog af lyk dit asof Pratt impulsief en op die ingewing van die oomblik gehandel het (soos hy dit aan die hof gestel het). Hy het egter ook aangedui dat hy reeds die vorige aand in die koerant gelees het dat Verwoerd die Skou die volgende dag sou open. Die feit dat hy dié oggend 'n rewolwer in sy sak gesteek het, het hy enersyds gerasionaliseer as 'n veiligheidsmaatreël, maar in dieselfde asem het hy gesê dat hy 'n baie sterk gevoel gehad het dat hy iets moes doen ten opsigte van die eskalering van politieke konflik. Hy voeg ook by dat hy die vorige vyf maande in aanhouding daaroor nagedink het en nie uitsluitsel kon kry oor waarom hy 'n wapen saamgevat het nie. Pratt het 'n geskiedenis gehad van gewelddadige optrede om probleme te probeer oplos, soos die voorvalle waartydens hy sy vrou met 'n rewolwer in die sak na Amsterdam agterna gesit het en sy neef aangerand het.

Dit is moeilik om met sekerheid te sê of die idee van die aanslag nie reeds vroeër op 'n onbewustelike vlak by hom ontkiem het nie. Hy het byvoorbeeld genoem dat dit vir hom genoeg sou gewees het indien die skare ten minste vir Verwoerd uitgejou het. Pratt het ook beweer dat hy Verwoerd nie noodlottig wou tref nie, maar net 'n tyd lank wou "wegsit" sodat hy kon nadink oor sy politiek. Dit is egter nie oortuigend nie, want dan sou hy nie met 'n kopskoot gemik het nie. Hy was direk agter Verwoerd en het sy naam geroep sodat hy moes omdraai na Pratt. Die skoot was waarskynlik nie noodlottig nie, omdat Verwoerd 'n bewegende teiken was. In sy rede vanuit die beskuldigdebank het Pratt aangevoer: "I felt this

violent urge to shoot 'apartheid'. 'The stinking monster of apartheid', I think, is how I felt."[163] Onder hierdie omstandighede sou enige hof tot die gevolgtrekking kom dat dit sy bedoeling was om die slagoffer noodlottig te tref.

Teenstrydighede soos hierdie was deel van die psigiese patologie van Pratt, soos ons gesien het ten opsigte van die verskillende weergawes aan sielkundiges oor presies wanneer hy sy eerste epileptiese aanval gekry het. Volgens dr. Jacobson was sulke teenstrydighede in die realiteitsbeskouing tipies van die psigotiese toestand van psigies versteurde pasiënte.

Mens kan hierdie aanslag dus nie vergelyk met die goedbeplande aanslae deur Lee Harvey Oswald op die lewe van president John F. Kennedy en dié van Janusz Waluz op Chris Hani nie. Pratt het ook duidelik op eie stoom gehandel, terwyl dit nooit opgeklaar kon word of Oswald en Waluz nie deel van 'n sameswering was nie.[164]

6. Huldeblyke in perspektief

Rajat Neogy, alias Sagittarius, het in 'n huldeblyk aan David Pratt in *Transition* geskryf oor dit wat Pratt as held van die anti-apartheid beweging verewig het (Neogy 1961/1997:270-2).

> His death has a biblical simplicity. He was a man whose motives and personality was almost as complex as that other man who hanged himself from a tree, Judas Iscariot. But there the affinity ceases. …
>
> He was silent and uncommunicative at the Rand Show (ten days after the declaration of a state of emergency) because of a conviction that "somebody must sacrifice himself"! When his euphoria came on in 1954, he felt like one of the prophets in the Bible. He wanted to give away all he possessed and speak intensely against nationalism.
>
> Now Pratt is dead. He has made a sacrifice and a prophecy.

In 1960 het Neogy, nadat hy as 20-jarige aan die Universiteit van Londen gradueer het, teruggekeer Uganda toe. Hy wou 'n tydskrif vir Oos-Afrika uitgee soortgelyk aan *Black Orpheus* wat in Wes-Afrika verskyn het. Sy ouers was Indies-Bengaalse Brahmane, maar dit het hom koud gelaat. Hy wou binne die bevrydingstryd aktief wees in die land waar hy gebore is. Hy het homself as Ugandees beskou – "one of those new men, duty-bound 'to add my contribution in iron and steel' [...]" (Vazquez 1997:6).

In hierdie konteks is die huldeblyk aan Pratt weens sy aanslag op die lewe van Verwoerd te verstane. Die verheerliking van Pratt as profetiese verlossingsfiguur wat al sy aardse besittings wou prysgee, is egter ietwat oordadig. Soos uit die testament van Pratt blyk, het hy wel ook iets nagelaat aan sy werkers. Al sy werkers wat voor 1955 op die forelplaas gewerk het, het £100 gekry en almal wat na 1955 by hom gewerk het, £50. Hoewel dit vir destyds taamlike groot bedrae was, was dit bitter min in vergelyking met die nalatenskap aan sy familie.

Ook Max du Preez (2008:167) verwys na die heldeverering van Pratt in anti-apartheid-kringe.

> Pratt became something of a hero among certain anti-apartheid activists, who loved to quote him saying, “If you know you must do something and you don’t do it, you are not free.” Shooting “the epitome of apartheid” had evidently set him free.

Dit illustreer hoe die optrede van ’n psigies-versteurde persoon totaal buite konteks as heldedaad geloods word net omdat die daad lyk asof dit die doelwitte van die anti-apartheidsbeweging bevorder het. Pratt was weliswaar teen apartheid en die opwelling van Afrikanernasionalisme, maar hy het nie in gedagte gehad dat daar gelykheid van almal moes wees nie. Hy wou eerder hê dat kleurlinge se regte herstel word en dat swart mense stadigaan op die basis van meriete meer regte kry. Dis nie heeltemal wat die anti-apartheidsbeweging nagestreef het nie.

Die ironie is dat die tragiese gevolge vir sy familie wat met hom moes saamlewe, heeltemal uit die prentjie gelaat word omdat dit nie binne die konstruksie van ’n politieke held pas nie.

Pratt se lyding oor ’n lang tydperk skyn ook van minder belang te wees. Die tragedie van sy lewe is dat daar van kindsbeen af groot druk op hom geplaas was om eendag die enorme besigheidsryk van sy pa oor te neem. Arthur Pratt was waarskynlik die tipiese “afwesige pa” omdat hy so besig was om diverse aandele in firmas en eie besighede te bestuur dat hy waarskynlik bitter min tyd oor gehad het om met David te spandeer. David Pratt het dus in ’n ryksmanshuis grootgeword, waarskynlik met ’n ma wat graag bederf het en vir wie aansien belangrik was.

Die feit dat hy die neiging tot epilepsie van moederskant geërf het, kon ’n verdere bydraende faktor wees waarom sy hom sou beskerm het. Mens kan aanneem dat die druk om eendag by sy pa oor te neem waarskynlik van vroeg af by hom ingeskerp is en dat hulle verwag het dat hy op skool moes uitblink. Daar is getuienis dat die stres wat dit moes veroorsaak het, tot epileptiese aanvalle gelei het. Indien dit by die skool plaasgevind het, kon sulke aanvalle daartoe gelei het dat sy skoolmaats hom daaroor gespot het of hom vermy het. Dit kon hom reeds vroeg tot ’n buitestander gemaak het.

Hy het ’n besonder hegte verhouding met sy niggie, Phyllis Tyson, die dogter van sy ma se suster, gehad. Sy het waarskynlik baie begrip gehad vir die dilemma van mense wat aan epilepsie ly, omdat haar ma dieselfde probleem gehad het. Sy was heeltyd aanwesig by sy verhoor en het Susan bygestaan. Sy het hom ook gereeld in die tronk besoek.[165] Hulle hegte verbondenheid word beklemtoon deur die redelik groot som geld wat Pratt aan haar in sy testament nagelaat het.[166]

In sy latere lewe is daar by hom ’n onvermoë om met mense klaar te kom sodra hy buite die veilige kokon van rykdom was. Dit het hom sowel geborgenheid as mag verskaf, maar dit is natuurlik nie ’n goeie basis vir ’n verhouding nie. Mens sien hoe die magteloosheid oor sy gefaalde huwelike tot ernstige depressie aanleiding gee wat later oorgeslaan het in maniese depressie. Die epileptiese tendens het dit waarskynlik versterk.

Sy besighede, die forelboerdery en die mangaanmyn, is basies deur ander bestuur terwyl hy vir lang rukke oorsee was om terapie te ontvang of om op duur vakansies te gaan. Sodra hy met krisisse gekonfronteer is, was die gevolg dikwels dat hy ’n epileptiese aanval weens stres gekry het, of as daar te veel dinge bymekaar gekom het, hy selfs die uitweg van selfmoord oorweeg het. Soos sy pa, het ook hy ’n raakvat-sekretaresse gehad wat basies die oorsig oor alles behou het en die rekeninge wat opgehoop het, betaal het. Dis ook aan haar en sy plaasbestuurder dat hy sy afskeidsbriewe geskryf het voor sy laaste selfmoordpoging.

Wat later van sy familie in Nederland geword het, is nie bekend nie. Uit die afhandeling van die boedel lyk dit of Patty nooit teruggekeer het na Suid-Afrika nie. Susan is in November 1961 in Londen met Robert William Hoffman,[167] die seun van ’n Amerikaanse oliemagnaat, getroud.[168]

Sekere ooreenkomste tussen Verwoerd en Pratt is opvallend. Beide was immigrante wat op die ouderdom van twee jaar Suid-Afrika toe gekom het. Soos immigrante-kinders het hulle oorkompenseer om deel te word van die nuwe vaderland, elk binne sy eie gemeenskap. Pratt was deel van die Engelse gemeenskap en het assosieer met die ideale van die Britse Ryk en die Gemenebes van State, terwyl Verwoerd eerder ’n Afrikaner-nasionalis was. Nasionale trots is vir mense wat in ’n land gebore word, natuurlik, maar vir immigrante ’n bewuste keuse (Kenny 1980:20-2; Miller 1993:636).

Soms is dit ’n fyn aanvoeling vir grense wat nie oorgesteek mag word nie wat oudingeseteldes help om kritieke situasies te ontlont of beter te hanteer. Dit merk mens ook aan die manier waarop Verwoerd en Pratt die krisis hanteer het. Pratt was bereid om geweld aan te wend om Verwoerd uit die verkeer te trek sodat hy kon nadink oor die eskalering van die konflik. ’n Mens kan net bespiegel oor wat sou gebeur het as Dönges eerder as Verwoerd in 1958 eerste minister geword het. Die Sharpeville-tragedie en sy nawerkinge het sommige NP-politici gedwing om die basiese beginsels van die apartheidsbeleid ernstig in oënskou te neem. Verwoerd was nog in die hospitaal na die aanslag op sy lewe toe Paul Sauer met die steun van twee senior ministers, Dönges en Ben Schoeman, openlik gesê het dat die regering die paswette moet verslap en groter sekuriteit aan stedelike swart mense moet gee. Maar skaars het Verwoerd herstel, of hy verklaar dat daar geen rede is om die beleid te verander nie (Giliomee 2012:49-50, 75). ’n Belangrike geleentheid vir ’n vreedsame oplossing is hier verspeel.

’n Verdere raakvlak tussen Pratt en Verwoerd was die sielkunde. Pratt was die protagonis van sy eie sielkundige psigoses, terwyl Verwoerd ’n doktorsgraad in sielkunde oor die afstomping van gemoedsaandoeninge behaal het (Verwoerd 1924). Dit lyk asof Verwoerd se Duitse studiejare ’n sterk invloed op sy lewensweg kon gehad het.[169] Van toegepaste sielkunde en psigotegniek het hy later oorgeslaan na ’n nuwe rigting wat in die VSA posgevat het, naamlik sosiologie.[170] Op grond van sy navorsing in psigotegniek oor beroepsaanleg en later in maatskaplike vraagstukke, het hy by die armblanke-kwessie betrokke geraak (Marx 2011:287–91). Hierdie invloede kon die grondslag gevorm het vir sy tegnokratiese benadering en geloof in “maatskaplike ingenieurswese” om ook politieke probleme op te los (Marx 2011:290, 294; Giliomee 2012:43).

Pratt se visie was dat Suid-Afrika sy plek moes inneem onder die ander nasies van die Britse Gemenebes, terwyl Verwoerd die pad gekies het van selfbestemming en republiekwording. Hierdie keuse kon ook reeds deur sy ervarings in Europa beïnvloed gewees het. Die Europa wat Verwoerd in 1926–27 belewe het, het in die ban gestaan van die destydse Amerikaanse president Woodrow Wilson se 14-punt-plan om vrede na die Eerste Wêreldoorlog te verseker. Die kern daarvan was om homogene territoriale nasiestate te skep, om politieke selfbestemming te bevorder en konflikte te vermy (Rustemeyer 1984:539–42). Die idee van politieke selfbestemming het dekolonisering in die sestigerjare inspireer (Cassese 2005:60-4). Die fokus van Verwoerd se premierskap was ook die skep van ’n wit nasiestaat (Marx 2011:283). Volgens Verwoerd sou segregasie nie werk nie, omdat konflik voorafgeprogrammeer sou wees (Giliomee 2012:52; Marx 2011:292-3).[171]

Verwoerd was verder krities teenoor sowel fascisme as kommunisme. Hy het waarskynlik die destabilisering van die Weimar-republiek deur hierdie twee politieke magte persoonlik belewe.[172] Die tragedie is dat die onbuigsaamheid van Verwoerd se apartheidspolitiek swart aktiviste geradikaliseer het en verder in die arms van die SAKP gedryf het. Sharpeville was die waterskeiding wat politieke aktiviste in Julie 1960 laat besluit het om oor te gaan tot gewapende geweld (O’Malley 2007:35, 86; Giliomee 2012:81-2). Die SAKP het ’n leidende rol daarin gespeel (Ellis 2011).

Dit is nie bekend of Verwoerd kennis gedra het van die geheime dokument wat Selwyn Loyd in 1959 vir die Britse kabinet opgestel het nie. Hy het die implikasies van die dekolonisering ontleed en die volgende prognose gemaak (Loyd 1959, par. 34):

> [T]he areas where no large scale white settlement has occurred have seen the most rapid political change, while the white man's preserve in the southern regions of Africa has resisted the political advance of the coloured peoples. As a result the African's prospect of economic improvement tends to vary inversely with his prospect of political improvement; and the highest standard of living for the African to-day is probably to be found in South Africa, where his chances of political advance are nil.

Loyd verwys verder na ’n verandering in die Sowjet-politiek in sover dit die korttermyn-doelwit om voormalige Westerse kolonies in die kommunistiese magsfeer te integreer, opgegee het. Volgens hom het die fokus verskuif na steun vir die antikoloniale stryd (Loyd 1959, parr. 19-21):

> The Soviet Union is now making use of all the conventional techniques of diplomacy, trade, economic assistance and cultural relations in order to become accepted by Africans as a powerful, respectable and sympathetic friend. […]. In general, their technique is at present to represent themselves to Africans as an alternative source of economic and technical help and an alternative political sponsor; meanwhile offers of scholarships and goodwill visits to the Soviet Union are the means of indoctrinating African opinion and of forming potential cadres for the ultimate Communist revolution.

Terwyl Pratt se saak in September 1960 verhoor is, het die *Rand Daily Mail* ’n berig geplaas wat hierdie klemverskuiwing bevestig het. Die African Student Union in Moskou het ’n ope

brief geskryf aan die leiers van talle Afrikastate op die vooraand van onafhanklikheid en gewaarsku teen kommunisme en die Sowjet-strategie omdat dit ’n groot gevaar vir die toekoms van Afrika was wat op “Red colonialism” sou uitloop.[173]

Die ironie is dat baie Afrikaners en Engelssprekendes wat later geïndoktrineer is ten opsigte van die “rooi gevaar” en “swart gevaar” (Visser 2007), nooit die geleentheid gehad het om ’n kritiese diskoers te voer oor die outoritêre tendense wat baie bevrydingsbewegings ter wille van magkonsolidering van hulle sosialistiese vriende oorgeneem het nie.

As mens terugkyk, kan mens tereg wonder of daar nie eenvoudiger politieke oplossings was wat vir almal minder traumaties sou gewees het nie. ’n Konstruktiewe diskoers met die elites van die ANC en PAC en ’n meer tegemoetkomende politiek kon tot gevolg gehad het dat die geskiednis dalk eerder ’n soortgelyke verloop geneem het as die swart burgerregtebeweging van Martin Luther King in die VSA.

7. Ten slotte

Pratt het voor die aanslag op Verwoerd ’n besonder kritieke fase van maniese depressiwiteit belewe en is net betyds van ’n derde selfmoordpoging weerhou. Die toespitsing van die politieke krisis in kombinasie met ernstige depressie oor sy huwelik het hom waarskynlik op daardie stadium uiters labiel gemaak. Die manier waarop hy sy persoonlike probleme probeer baasraak het, was om dit te verdring en homself in die rol van ’n politieke verlosser te loods. Dit lyk asof die sluipmoordpoging nie beplan was nie. Die waarskynlikste verklaring is dat hy impulsief en op die ingewing van die oomblik gehandel het.

Dat Pratt hom na bewering op Verwoerd wou wreek omdat hy kwansuis ’n verhouding met Pratt se Nederlandse vrou gehad het, is lagwekkend. Dit is wel moontlik dat sy weens die ondraaglikheid van Pratt se psigiatriese probleme toevlug in die arms van ’n ander man gevind het.

Die agterdog van die neuroloog, Allan Bird, dat sy vennoot Solly Jacobson in ’n sameswering met Pratt betrokke was om Verwoerd te vermoor, is ook nie oortuigend nie. Inteendeel, daar is grondige argumente wat die tese sonder moeite weerlê.

Bibliografie

Algemene bronne

Adams, Z. 2011. *Race, madness and the archive*. Ongepubliseerde doktorale proefskrif, Universiteit van die Wes-Kaap.

Bell, T. en D.B. Ntsebeza. 2003. *Unfinished business: South Africa, apartheid and truth*. Londen: Verso.

Beinart W. en S. Dubow. 1995. *Segregation and apartheid in twentieth century South Africa*. Londen: Routledge.

Ben-Yehuda, N. 1993. *Political assassinations by Jews. A rhetorical device for justice*. Albany: State University of New York Press.

Berg, M. en S. Wendt (reds.). 2011. Racism in the modern world. Historical perspectives on cultural transfer and adaptation. New York en Oxford: Berghahn Books.

Biesinger, E. 2007. *Tinnitus: Endlich Ruhe im Ohr*. 3de uitgawe. Stuttgart: Trias.

Bird, A. 1992. *Bird on a wing*. Simonstown: South African Natural History Publications.

Brokensha, M. en R. Knowles. 1965. *The Fourth of July raids*. Kaapstad: Simondium Publishers.

Burke, A. 2006. Mental health care during apartheid in South Africa: An illustration of how "science" can be abused. In Gozaydin en Madeira (reds.) 2006.

Cassese, A. 2005. *International law*. 2de uitgawe. New York: Oxford University Press.

Cooper, W. s.j. A quest for Mimis. LitNet. (12 Januarie 2008 geraadpleeg).

Davenport, R. en C. Saunders. 2000. *South Africa – A modern history*. 5de uitgawe. Londen: Macmillan Press.

Du Preez, M. 2008. *Of tricksters, tyrants and turncoats – more unusual stories from South Africa's past*. Kaapstad: Zebra Press.

Ellis, S. 2011. The genesis of the ANC's armed struggle in South Africa 1948-61. *Journal of Southern African Studies*.(26 Oktober 2011 geraadpleeg).

Feldmann, H. 2002. *Tinnitus. Grundlagen einer rationalen Diagnostik und Therapie*. 2de uitgawe. Stuttgart: Thieme.

Gage, J. 1950. *Greek adventure (Six months in the life of a South African officer in occupied Greece)*. Kaapstad: Unie-Volkspers Beperk. Beskikbaar by (1 Julie 2012 geraadpleeg).

Giliomee, H. 2003. *The Afrikaners: Biography of a people*. Kaapstad: Tafelberg.

—. 2012. *Die laaste Afrikanerleiers. 'n Opperste toets van mag*. Kaapstad: Tafelberg.

Gozaydin, I. en J. Madeira (reds.). 2006. *Evil, law and the state*. Oxford: Inter-disciplinary Press.

Grobbelaar, P.W. 1966. *Man van die volk*. Kaapstad: Human & Rousseau.

Gunther, M. 2004. *The National Committee of Liberation (NCL)/African Resistance Movement (ARM)*. In SADET 2004.

Hahlo, H.R. 1969. *The South African law of husband and wife*. Kaapstad: Juta.

Hocker, K.M. 1997. *Tinnitus. Ursachen und Behandlung von Ohrgeräuschen*. München: C.H. Beck.

Johnson, R.W. 2009. *South Africa's brave new world: The beloved country since the end of apartheid*. Londen: Penguin Books.

Kenny, H. 1980. Architect *of apartheid: H.F. Verwoerd – an appraisal*. Johannesburg: Jonathan Ball.

Kirkham, J.F., S.G. Levy en W.J. Crotty. 1970. *Assassination and political violence*. New York: Praeger.

Koorts, L. 2010. An ageing anachronism: D.F. Malan as prime minister, 1948-1954, *Kronos*, 36(1):108–65.

Lester, D. 1986. *The murderer and his murder*. New York: AMS Press.

Loyd, S. 1959 [2012]. *Secret memorandum on Africa: The next ten years.* United Kingdom National Archives. Herdruk: How the British government viewed the future of Africa in 1959. *Politicsweb*, 2 Oktober.

Maisels, I. 1998. *A life at law: The memoirs of I.A. Maisels, QC*. Johannesburg en Kaapstad: Jonathan Ball.

Marx, C. 1989. *Im Zeichen des* Ochsenwagens. Münster: Lit Verlag.

—. 2010. From trusteeship to self-determination: L.J. du Plessis' thinking on apartheid and his conflict with H.F. Verwoerd. *Historia*, 55(2):50-75.

—. 2011. Hendrik Verwoerd's long march to apartheid: Nationalism and racism in South Africa. In Berg en Wendt (reds.) 2011.

—. 2012. *Südafrika. Geschichte und Gegenwart*. Stuttgart: Verlag W. Kohlhammer.

Meiring, P. 1972. *Ons eerste ses premiers*. Kaapstad: Tafelberg-Uitgewers.

Miller, R.B. 1993. Science and society in the early career of H.F. Verwoerd. *Journal of Southern African Studies*, 19(4):634–61.

Montgomery-Massingberd, M. (red). 1976. *Burke's Irish family records*. Londen: Burkes Peerage Ltd.

Neogy, R. (Sagittarius). 1997. [1961]. David Pratt is dead. *Transition*. *The Anniversary Issue: Selections from Transition, 1961-1976,* ble. 270–2.

O'Malley, P. 2007. *Shades of difference. Mac Maharaj and the struggle for South Africa.* New York: Viking.

Potgieter, D.J. (red.). 1970 *Standard Encyclopedia of Southern Africa*. Kaapstad: National Commercial Printers.

Rapoport, D.C. 1971. *Assassination and terrorism*. Toronto: Canadian Broadcasting System.

Robertson, J. 1971. *Liberalism in South Africa, 1948-1963*. Oxford: Clarendon Press.

Rustemeyer, A. 1984. Wilson's fourteen points. *Encyclopedia of Public International Law,* 7:539-42.

